UNION OF SOUTH AFRICA
UNIE VAN SUID-AFRIKA

Government Gazette
Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

VOL. CLXXXIV.] PRICE 6d. PRETORIA, 22 JUNE 22 JUNIE 1956. PRYS 6d. [No. 5701

CONTENTS.

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

For purposes of reference, Proclamations and Government Notices published in "Gazettes Extraordinary" are included in the weekly index.

No PAGE

ACTS.

✱ 1023. No. 39 of 1956: Railways and Harbours Acts Further Amendment Act, 1956; No. 41 of 1956: Excise Amendment Act, 1956 (*G.G.E.* No. 5694).
✱ 1024. No. 46 of 1956: Great Fish River Irrigation District Adjustment Act, 1956; No. 48 of 1956: Diamond Export Duty Admendment Act, 1956; No. 49 of 1956: Licences Amendment Act, 1956 (*G.G.E.* No. 5695).
✱ 1066. No. 55 of 1956: Income Tax Act, 1956; No. 56 of 1956: Pension Laws Amendment Act, 1956; No. 58 of 1956: War Measures Continuation Act, 1956 (*G.G.E.* No. 5699).

PROCLAMATIONS.

✱ 100. Prorogation and Summoning of Parliament (*G.G.E.* No. 5696).
✱ 110. Levy of a Special Rate on the Tsonga Native Community under Yingwane, Ntshindane and Shikubundu, resident in the Area of Jurisdiction of the Native Commissioner, Soekmekaar 1
✱ 111. Criminal Jurisdiction: Native Commissioners, Randfontein and Roodepoort 1
✱ 112. Constitution of Courts of Native Commissioner, Randfontein and Roodepoort, and Redefinition of the Area of Jurisdiction of the Court of Native Commissioner, Krugersdorp 2
✱ 113. Amendment of Definition of Group Areas 2
✱ 114. Group Areas Act, 1950: Definition of Areas 3
✱ 115. Group Areas Act, 1950: Definition of Areas 3
✱ 116. Vaal River Development Scheme Government Irrigation Area: Description of the Properties comprising the Government Irrigation Area 4
✱ 117. Elandspruit Irrigation District, District of Pretoria: Disestablishment 4

Department of the Prime Minister.

GOVERNMENT NOTICE.

✱ 1075. Appointment of Acting Prime Minister and Acting Ministers of External Affairs and of Finance 5

Department of Justice.

GOVERNMENT NOTICES.

✱ 1090. Substitution of Fourth Table of the Third Schedule to the Companies Act, 1926 5
✱ 1096. Amendment of Paragraph (*a*) of Subsection (1) of Section 8 *bis* of the Justices of the Peace and Oaths Act, 1914 6

GENERAL NOTICES.

✱ 692. Person Declared Unfit to Possess a Firearm 33
✱ 697. Liquor Licensing Board, Pretoria: Interim Meeting 36
✱ 702. Liquor Licensing Board, Waterberg: Special Meeting 42

G.G.E. = Government Gazette Extraordinary.

INHOUD.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linker-bohoek met 'n ✱ gemerk.

Proklamasies en Goewermentskennisgewings in „Buitengewone Staatskoerante" gepubliseer, word vir verwysingsdoeleindes in die weeklikse inhoudsopgawe ingesluit.

No BLADSY

WETTE.

✱ 1023. No. 39 van 1956: Verdere Wysigingswet op Spoorweg- en Hawewette, 1956; No. 41 van 1956: Wysigingswet op Aksyns, 1956 (*B.S.* No. 5694).
✱ 1024. No. 46 van 1956: Wet tot Reëling van die Groot-Visrivier-besproeiingsdistrik, 1956; No. 48 van 1956: Wysigingswet op Diamantuitvoerbelasting, 1956; No. 49 van 1956: Wysigingswet op Lisensies, 1956 (*B.S.* No. 5695).
✱ 1066. No. 55 van 1956: Inkomstebelastingwet, 1956; No. 56 van 1956: Wysigingswet op die Pensioenwette, 1956; No. 58 van 1956: Wet op die Voortsetting van Oorlogsmaatreëls, 1956 (*B.S.* No. 5699).

PROKLAMASIES.

✱ 100. Prorogasie en Byeenroeping van die Parlement (*B.S.* No. 5696).
✱ 110. Heffing van 'n Spesiale Belasting van die Tsonga - Naturellegemeenskap onder Yingwane, Ntshindane en Shikubundu woonagtig in die Regsgebied van die Naturellekommissaris, Soekmekaar ... 1
✱ 111. Kriminele Regsmag: Naturellekommissarisse, Randfontein en Roodepoort ... 1
✱ 112. Instelling van Naturellekommissarishowe, Randfontein en Roodepoort en Heromskrywing van die Regsgebied van die Naturellekommissarishof, Krugersdorp 2
✱ 113. Wysiging van Omskrywing van Groepsgebiede 2
✱ 114. Wet op Groepsgebiede, 1950: Omskrywing van Gebiede 3
✱ 115. Wet op Groepsgebiede, 1950: Omskrywing van Gebiede 3
✱ 116. Staatsbesproeiingsgebied Vaalrivier-uitbreidingskema: Beskrywing van die Eiendomme wat die Staatsbesproeiingsgebied uitmaak 4
✱ 117. Besproeiingsdistrik Elandspruit, Distrik Pretoria: Opheffing 4

Departement van die Eerste Minister.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

✱ 1075. Aanstelling van Waarnemende Eerste Minister en Waarnemende Ministers van Buitelandse Sake en van Finansies ... 5

Departement van Justisie.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

✱ 1090. Vervanging van Vierde Tabel van die Derde Bylae by die Maatskappywet, 1926 5
✱ 1096. Wysiging van Paragraaf (*a*) van Subartikel (1) van Artikel 8 *bis* van „De Wet op Vrederechters en Eden, 1914" 6

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

✱ 692. Persoon Onbekwaam Verklaar om Vuurwapen te Besit 33
✱ 697. Dranklisensieraad, Pretoria: Tussentydse Vergadering 36
✱ 702. Dranklisensieraad, Waterberg: Spesiale Vergadering 42

B.S. = Buitengewone Staatskoerant.

No. PAGE

Department of Prisons.

GENERAL NOTICES.

✱ 703. Notice of Escape: P. Nduli 42
✱ 715. Notice of Escape: T. Nxumalo 70
✱ 716. Notice of Escape: G. Marokane 70

Department of Lands.

GOVERNMENT NOTICE.

✱ 1097. Riet River Settlement: Accommodation of Probationary Lessees 6

GENERAL NOTICE.

630. Crown Land Surveys (Cape) 32

Department of Irrigation.

GENERAL NOTICES.

✱ 699. Blyde River River Board: Irrigation ... 40
✱ 704. Daspoort Estate Irrigation Board: Election 42
✱ 705. Keurkloof Irrigation Board: Election ... 43
✱ 706. Warmbaths Irrigation Board: Election ... 43
✱ 713. Smartt Irrigation District: First List of Voters 69
✱ 717. Konings River Irrigation Board: Election 71
✱ 718. Malanshoek Irrigation Board: Election 71
✱ 719. Vioolsdrift Irrigation Board: Election ... 71
✱ 720. Koppieskraal Irrigation Board: Election 71
✱ 721. Mortimer Irrigation Board: Election ... 71

Department of Finance.

GOVERNMENT NOTICES.

✱ 1076. Appointment of Acting Receiver of Revenue, Kimberley 7
✱ 1078. Customs Act, 1955: Amendment of Regulations 7
✱ 1079. Merchant Shipping (Certificates of Competency) Act, 1925: Boards of Examiners 7
✱ 1095. Customs Tariff Guide: Tariff Classification List No. 68 8

GENERAL NOTICES.

✱ 693. Building Societies Returns 33
✱ 694. Meeting of Creditors: H. Jordaan 33
✱ 707. S.A. Reserve Bank: Weekly Statement 43

Department of External Affairs.

GOVERNMENT NOTICES.

✱ 1080. Recognition of the Honorary Consul of the Netherlands 9
✱ 1098. Persons Entitled to Diplomatic Immunity 9
✱ 1099. Persons Entitled to Diplomatic Immunity 10
✱ 1100. Cancellation of Diplomatic Immunity of Persons 10

Department of Transport.

GOVERNMENT NOTICE.

✱ 1068. Amendment of the Air Navigation Regulations 10

Department of Railways and Harbours.

GOVERNMENT NOTICE.

† 472. Amendment to the Officers' Staff Regulations 11

GENERAL NOTICE.

✱ 714. Notice to Mariners No. 279 69

Department of Agriculture.

GOVERNMENT NOTICE.

1050. Application for Brands: Cape Province 14

GENERAL NOTICES.

✱ 695. Additional List of Members of Co-operative Societies 31
✱ 696. Registration of Commercial Millers 34
✱ 698. Registration of Commercial Millers 37

Department of Commerce and Industries.

GOVERNMENT NOTICES.

✱ 1017. Maximum Prices of Agricultural Implements and Machinery (*G.G.E.* No. 5691).
✱ 1018. Maximum Prices of Coal (*G.G.E.* No. 5691).

GENERAL NOTICE.

✱ 711. S.A. Bureau of Standards: Preparation of Specifications 45

(Continued on inside-back cover.)

No. BLADSY

Departement van Gevangenisse.

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

✱ 703. Kennisgewing van Ontvlugting: P. Nduli 42
✱ 715. Kennisgewing van Ontvlugting: T. Nxumalo 70
✱ 716. Kennisgewing van Ontvlugting: G. Marokane 70

Departement van Lande.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

✱ 1097. Rietriviernedersetting: Plasing van Proefhuurders 6

ALGEMENE KENNISGEWING.

630. Opmetings van Kroongrond (Kaap) 32

Departement van Besproeiing.

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

✱ 699. Rivierraad van Blyderivier: Verkiesing ... 40
✱ 704. Besproeiingsraad van Daspoortlandgoed: Verkiesing 42
✱ 705. Besproeiingsraad van Keurkloof: Verkiesing 43
✱ 706. Besproeiingsraad van Warmbad: Verkiesing 43
✱ 713. Besproeiingsdistrik Smartt: Eerste Kiesersrys 69
✱ 717. Besproeiingsraad van Koningsrivier: Verkiesing 71
✱ 718. Besproeiingsraad van Malanshoek: Verkiesing 71
✱ 719. Besproeiingsraad van Vioolsdrift: Verkiesing 71
✱ 720. Besproeiingsraad van Koppieskraal: Verkiesing 71
✱ 721. Besproeiingsraad van Mortimer: Verkiesing 71

Departement van Finansies.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

✱ 1076. Aanstelling van Waarnemende Ontvanger van Inkomste, Kimberley 7
✱ 1078. Doeanewet, 1955: Wysiging van Regulasies 7
✱ 1079. Koopvaardij (Certifikaten van Bekwaamheid) Wet, 1925: Rade van Eksaminatore 7
✱ 1095. Doeanetariefgids: Tariefklassifikasielys No. 68 8

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

✱ 693. Bouverenigingsopgawes 33
✱ 694. Vergadering van Skuldeisers: H. Jordaan 33
✱ 707. S.A. Reserwebank: Weeklikse Opgawe ... 43

Departement van Buitelandse Sake.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

✱ 1080. Erkening van die Erekonsul van Nederland 9
✱ 1098. Persone geregtig tot Diplomatieke Immuniteit 9
✱ 1099. Persone geregtig tot Diplomatieke Immuniteit 10
✱ 1100. Terugtrekking van Diplomatieke Immuniteit van Persone 10

Departement van Vervoer.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

✱ 1068. Wysiging van die Lugvaartregulasies 10

Departement van Spoorweë en Hawens.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

† 472. Wysiging van die Personeelregulasies vir Amptenare 11

ALGEMENE KENNISGEWING.

✱ 714. Kennisgewing No. 279 aan Seeliede 69

Departement van Landbou.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

1050. Aansoek om Brandmerke: Kaapprovinsie 14

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

✱ 695. Aanvullingslyste van Lede van Koöperatiewe Verenigings 31
✱ 696. Registrasie van Kommersiële Meulenaars 34
✱ 698. Registrasie van Kommersiële Meulenaars 37

Departement van Handel en Nywerheid.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

✱ 1017. Maksimum Pryse van Landbougereedskap en -Masjinerie (*B.S.* No. 5691).
✱ 1018. Maksimum Pryse van Steenkool (*B.S.* No. 5691).

ALGEMENE KENNISGEWING.

✱ 711. S.A. Buro vir Standaarde: Opstelling van Spesifikasies 45

(Vir vervolg sien tweede laaste bladsy.)

No. PAGE

Department of Interior.

GOVERNMENT NOTICES.

✻ 1081. Revocation of Registration in Terms of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935: English Sports and Social Club (South Africa) 15
✻ 1082. Appointment of Acting Registrar of Asiatics, Transvaal 15
✻ 1083. Revocation of Registration in Terms of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935: Highlands North High School 15
✻ 1084. Change of Name: Moskowitz to Moss ... 15
✻ 1101. Registration of Uniform and Badge: President Kruger-tehuis 16
✻ 1102. Change of Name: Meewes to O'Connell 16
✻ 1103. Change of Name: Byleveld to Voigt ... 16
✻ 1104. Change of Name: Posthumous to Passmore 16
✻ 1105. Change of Name: Botha to Ueckermann 16
✻ 1106. Change of Name: Moskowitz to Moss ... 16
✻ 1107. Change of Name: Bovill to Schultz ... 17

Department of Defence.

GOVERNMENT NOTICE.

✻ 1085. Amendment to the Regulations for the South African Permanent Force 17

GENERAL NOTICE.

✻ 700. Military Training and Exercises: Strandfontein 40

Department of Labour.

GOVERNMENT NOTICES.

✻ 1019. Sweetmaking Industry, Johannesburg: Agreement (*G.G.E.* No. 5692).
✻ 1020. Sweetmaking Industry, Johannesburg: Factories, Machinery and Building Work Act, 1941 (*G.G.E.* No. 5692).
✻ 1021. Photo Finishing Trade: Agreement (*G.G.E.* No. 5693).
✻ 1022. Photo Finishing Trade: Factories, Machinery and Building Work Act, 1941 (*G.G.E.* No. 5693).
✻ 1086. Wage Determination No. 170: Commercial Distributive Trade: Principal Areas 18
✻ 1087. Building Industry, Pietermaritzburg: Extension of Agreement 18
✻ 1088. Native Building Workers Act, 1951: Proposed Declaration of Blocklaying as Skilled Work 18

GENERAL NOTICES.

✻ 708. Application for Registration: South African Production Founders' Association 44
✻ 712. Unclaimed Moneys 46

Department of Posts and Telegraphs.

GOVERNMENT NOTICE.

✻ 1089. Amendments to the Telegraph Regulations, the Telephone Regulations, the Charges for Interterritorial Telegrams and the Overseas Telegram Tariff List 19

Department of Native Affairs.

GOVERNMENT NOTICES.

✻ 1069. Disestablishment of Certain Government Bantu Schools 21
✻ 1070. Establishment of Certain Government Bantu Schools 22
✻ 1071. Date of Application of the Regulations Governing the Conditions of Appointment, Service and Discipline of Bantu Teachers in Government Bantu Schools to Bantu Teachers in the Union 22
✻ 1077. Native Commissioners' Court, Krugersdorp: Cancellation of the Holding of Sittings at Randfontein and Roodepoort 23

GENERAL NOTICE.

✻ 709. Notice to Bantu Teachers 44

Department of Education, Arts and Science.

GOVERNMENT NOTICE.

✻ 1091. Historical Monuments, Relics and Antiques Act, 1934: Amendment of Regulations 23

Department of Mines.

GENERAL NOTICE.

✻ 701. Arrear Licence Moneys 41

No. BLADSY

Departement van Binnelandse Sake.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

✻ 1081. Herroeping van Inskrywing ingevolge die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935: English Sports and Social Club (South Africa) 15
✻ 1082. Aansteling van Waarnemende Registrateur van Asiate, Transvaal 15
✻ 1083. Herroeping van Inskrywing ingevolge die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935: Highlands North High School 15
✻ 1084. Naamsverandering: Moskowitz in Moss 15
✻ 1101. Registrasie van Uniform en Wapen: President Kruger-tehuis 16
✻ 1102. Naamsverandering: Meewes in O'Connell 16
✻ 1103. Naamsverandering: Byleveld in Voigt ... 16
✻ 1104. Naamsverandering: Posthumous in Passmore 16
✻ 1105. Naamsverandering: Botha in Ueckermann 16
✻ 1106. Naamsverandering: Moskowitz in Moss 16
✻ 1107. Naamsverandering: Bovill in Schultz ... 17

Departement van Verdediging.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

✻ 1085. Wysiging van die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Staande Mag 17

ALGEMENE KENNISGEWING.

✻ 700. Militêre Opleiding en Oefeninge: Strandfontein 40

Departement van Arbeid.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

✻ 1019. Lekkergoednywerheid, Johannesburg: Ooreenkoms (*B.S.* No. 5692).
✻ 1020. Lekkergoednywerheid, Johannesburg: Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941 (*B.S.* No. 5692).
✻ 1021. Fotoafwerkingsbedryf: Ooreenkoms (*B.S.* No. 5693).
✻ 1022. Fotoafwerkingsbedryf: Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941 (*B.S.* No. 5693).
✻ 1086. Loonvasstelling No. 170: Kommersiële Distribusiebedryf: Vernaamste Gebiede 18
✻ 1087. Bounywerheid, Pietermaritzburg: Verlenging van Ooreenkoms 18
✻ 1088. Wet op Naturellebouwerkers, 1951: Voorgestelde Verklaring van Bloklegging as Geskoolde Werk 18

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

✻ 708. Aansoek om Registrasie: South African Production Founders' Association 44
✻ 712. Onopgeëiste Gelde 46

Departement van Pos- en Telegraafwese.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

✻ 1089. Wysigings van die Telegraaf- en Telefoonregulasies, die Koste vir Interterritoriale Telegramme en die Tarieflys vir Buitelandse Telegramme 19

Departement van Naturellesake.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

✻ 1069. Opheffing van Sekere Staatsbantoeskole ... 21
✻ 1070. Instelling van Sekere Staatsbantoeskole ... 22
✻ 1071. Datum van Toepassing van Regulasies Betreffende die Aanstellings-, Diens- en Tugvoorwaardes van Bantoe-onderwysers in Staatsbantoeskole op Bantoe-onderwysers in die Unie 22
✻ 1077. Naturellekommissarishof, Krugersdorp: Kansellering van die Hou van Sittings te Randfontein en Roodepoort 23

ALGEMENE KENNISGEWING.

✻ 709. Kennisgewing aan Bantoe-onderwysers ... 44

Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

✻ 1091. Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede, 1934: Wysiging van Regulasies 23

Departement van Mynwese.

ALGEMENE KENNISGEWING.

✻ 701. Agterstallige Lisensiegelde ... 41

No.		PAGE
	Department of Health.	
	GOVERNMENT NOTICES.	
✲ 1072.	Food, Drugs and Disinfectants Act, 1929: Amendment of Regulations	23
✲ 1073.	Pathological Laboratory Services: Rules for the Carrying Out of Laboratory Tests	24
✲ 1074.	The South African Medical and Dental Council: Rules regarding the Registration of Additional Qualifications ...	27
✲ 1092.	Food, Drugs and Disinfectants Act, 1929: Enforcement by Local Authorities ...	28
✲ 1093.	Amendment of Regulations regarding Degrees, Diplomas, or Certificates Entitling Medical Practitioners and Dentists to Registration	28
✲ 1094.	Refund Regulations in terms of the Public Health Amendment Act, 1946 ...	28
	GENERAL NOTICE.	
✲ 710.	Bulletin No. 24 of 1956	45
	Tenders	72
	Vacant Part-time District Surgeoncies ...	85
	Vacant Part-time District Surgeoncy ...	86
	Official Publications Issued during April, 1956	86
	LEGAL ADVERTISEMENTS.	
	Business Notices	88
	Company Notices	96
	Lost Documents	105
	Orders of the Court, etc.	110
	Sale in Execution	117
	Change of Name	123
	General Notices	124
	Estate Notices	130
	Naturalization Notices	166
	Lost Life Insurance Policies	167

No.		BLADSY
	Departement van Gesondheid.	
	GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.	
✲ 1072.	Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, 1929: Wysiging van Regulasies	23
✲ 1073.	Patologiese Laboratoriumdienste: Reëls vir die Uitvoering van Laboratoriumtoetse	24
✲ 1074.	Die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Reëls ten Opsigte van die Registrasie van Addisionele Kwalifikasies	27
✲ 1092.	Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, 1929: Toepassing deur Plaaslike Besture	28
✲ 1093.	Wysiging van Regulasies Betreffende Grade, Diplomas en Sertifikate wat Geneeshere en Tandartse Reg gee op Registrasie	28
✲ 1094.	Regulasies op Terugbetalings ingevolge die Wysigingswet op Volksgesondheid, 1946	28
	ALGEMENE KENNISGEWING.	
✲ 710.	Bulletin No. 24 van 1956	45
	Tenders	72
	Vakante Deeltydse Distriksgeneesheerskappe	85
	Vakante Deeltydse Distriksgeneesheerskap	86
	Offisiële Publikasies Uitgegee gedurende April 1956	86
	WETLIKE ADVERTENSIES.	
	Besigheidskennisgewings	88
	Maatskappykennisgewings	96
	Verlore Dokumente	105
	Orders van die Hof, ens.	110
	Geregtelike Verkope	117
	Naamsveranderings	123
	Algemeen	124
	Boedelkennisgewings	130
	Naturalisasiekennisgewings	166
	Verlore Lewensversekeringspolisse	167

Amended Closing Date for the Acceptance of Proclamations, Government Notices, etc., for Insertion in the *Government Gazette*.

As Monday, 9th July, 1956, is a public holiday, the following closing date will apply:—

For the *Government Gazette* of Friday, 13th July, 1956, all notices must reach this office not later than 3 p.m. on Thursday, 5th July, 1956.

S. A. MYBURGH,
Government Printer.

Gewysigde Sluitingsdatum vir die Aanname van Proklamasies, Goewermentskennisgewings, ens., vir Publikasie in die *Staatskoerant*.

Aangesien Maandag, 9 Julie 1956 'n openbare vakansiedag is, sal die onderstaande sluitingsdatum van toepassing wees:—

Vir die *Staatskoerant* van Vrydag, 13 Julie 1956, moet alle kennisgewings hierdie kantoor voor of om 3 nm. op Donderdag, 5 Julie 1956, bereik.

S. A. MYBURGH,
Staatsdrukker.
8-15-22-29

AFRIKAANSE WOORDEBOEK, DEEL II.

Copies of the Second Volume of "Die Afrikaanse Woordeboek" containing the letters D, E and F are now obtainable from the Government Printer at the following prices:—

(1) Linen bound: £3. 3s. per copy.
(2) Leather bound: £5. 5s. per copy.

AFRIKAANSE WOORDEBOEK, DEEL II.

Deel twee van die Afrikaanse Woordeboek bevattende die letters D, E en F is nou van die Staatsdrukker teen die volgende pryse verkrygbaar:—

(1) Gewone Linneband: £3. 3s. per eksemplaar.
(2) Leerband: £5. 5s. per eksemplaar.

The Government Printer, Pretoria.

Die Staatsdrukker, Pretoria.

PROCLAMATIONS

BY HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE ERNEST GEORGE JANSEN, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

⁂ No. 110, 1956.]

LEVY OF A SPECIAL RATE ON THE TSONGA NATIVE COMMUNITY UNDER YINGWANE, NTSHINDANE AND SHIKUBUNDU RESIDENT IN THE AREA OF JURISDICTION OF THE NATIVE COMMISSIONER, SOEKMEKAAR.

Whereas the Tsonga Native community under Yingwane, Ntshindane and Shikubundu resident in the area of jurisdiction of the Native Commissioner, Soekmekaar, has voluntarily made application for the levy of a special rate for the purpose of enlarging the Sikar School, and for other community purposes;

And whereas the Minister of Native Affairs is satisfied that the majority of the taxpayers of the said community desire such a levy and approves the purpose for which it is to be imposed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *fifteen* of the Natives Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925), as amended, I hereby declare as follows:—

(1) A special rate of 10s. per annum is hereby levied on every member of the said community who is a taxpayer.

(2) The special rate hereby levied shall become due and payable on the 1st July, 1956, in respect of the year 1956, and on the 1st January of each succeeding year during which it is in operation.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-third day of May, One thousand Nine hundred and Fifty-six.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

⁂ No. 111, 1956.]

CRIMINAL JURISDICTION.—NATIVE COMMISSIONERS, RANDFONTEIN AND ROODEPOORT.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *nine* of the Native Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), as amended, I hereby confer upon the Native Commissioners, Randfontein and Roodepoort, criminal jurisdiction in respect of any offence, subject to the jurisdiction of a magistrate's court, committed by a Native within their areas of jurisdiction.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Eighteenth day of May, One thousand Nine hundred and Fifty-six.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

PROKLAMASIES

VAN SY EKSELLENSIE DIE EDELE ERNEST GEORGE JANSEN, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

⁂ No. 110, 1956.]

HEFFING VAN 'N SPESIALE BELASTING VAN DIE TSONGA-NATURELLEGEMEENSKAP ONDER YINGWANE, NTSHINDANE EN SHIKUBUNDU WOONAGTIG IN DIE REGSGEBIED VAN DIE NATURELLEKOMMISSARIS, SOEKMEKAAR.

Nademaal die Tsonga-Naturellegemeenskap onder Yingwane, Ntshindane en Shikubundu woonagtig in die regsgebied van die Naturellekommissaris, Soekmekaar, vrywillig aansoek gedoen het om die heffing van 'n spesiale belasting ten einde fondse in te samel vir die uitbreiding van die Sikarskool, en vir ander gemeenskapsdoeleindes;

En nademaal die Minister van Naturellesake daarvan oortuig is dat die meerderheid van die belastingbetalers van genoemde gemeenskap sodanige heffings verlang en die doel waarvoor dit opgelê word, goedkeur;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vyftien* van die Naturelle Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925), soos gewysig, hierby soos volg verklaar:—

(1) 'n Spesiale belasting van 10s. per jaar word hierby gehef van elke lid van genoemde gemeenskap wat 'n belastingbetaler is.

(2) Die spesiale belasting wat hierby gehef word, is verskuldig en betaalbaar op 1 Julie 1956, ten opsigte van die jaar 1956, en op 1 Januarie van elke daaropvolgende jaar waarin dit van krag is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die drie-en-twintigste dag van Mei Eenduisend Negehonderd Ses-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

⁂ No. 111, 1956.]

KRIMINELE REGSMAG.—NATURELLEKOMMISSARISSE, RANDFONTEIN EN ROODEPOORT.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *nege* van die Naturelle-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), soos gewysig, verleen ek hierby aan die Naturellekommissarisse, Randfontein en Roodepoort, kriminele regsmag ten opsigte van enige misdryf, onderworpe aan die regsmag van 'n magistraatshof, wat 'n Naturel in hulle regsgebiede begaan het.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Agtiende dag van Mei Eenduisend Negehonderd Ses-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

✱ No. 112, 1956.]

CONSTITUTION OF COURTS OF NATIVE COMMISSIONER, RANDFONTEIN AND ROODEPOORT AND REDEFINITION OF THE AREA OF JURISDICTION OF THE COURT OF NATIVE COMMISSIONER, KRUGERSDORP.

Under and by virtue of the powers vested in me by subsections (1) and (3) of section *ten* of the Native Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), as amended, I hereby—

(*a*) constitute Courts of Native Commissioner at Randfontein and Roodepoort and prescribe that the areas within which the courts shall have jurisdiction shall be as defined in the accompanying Schedule A; and

(*b*) amend Proclamation No. 298 of 1928 in accordance with the accompanying Schedule B.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Eighteenth day of May, One thousand Nine hundred and Fifty-six.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

SCHEDULE A.

Place where Court Constituted.	*Area of Jurisdiction.*
Randfontein.	Magisterial District of Randfontein.
Roodepoort.	Magisterial District of Roodepoort.

SCHEDULE B.

In Proclamation No. 298 of 1928, as amended by Proclamation No. 122 of 1948, under the heading "Transvaal Province", delete the words—

"Krugersdorp.	Magisterial Districts of Krugersdorp, Randfontein and Roodepoort,";

and substitute the following therefor:—

"Krugersdorp.	Magisterial District of Krugersdorp".

✱ No. 113, 1956.]

AMENDMENT OF DEFINITION OF GROUP AREAS.

Under and by virtue of the powers vested in me by subsections (1) and (2) of section *three* of the Group Areas Act, 1950 (Act No. 41 of 1950), read with section *thirty-three* of the said Act, I do hereby amend Proclamation No. 221 of 1955 by—

(1) the substitution for the words "Erf No. 90 Brandvlei (Diagram No. 1557/1916)" where they appear in paragraph (*a*) of the Schedule of the words "Erf No. 391 Brandvlei (General Plan 2771 K.K.)";

(2) the substitution for the letter "d" where it appears in paragraph (*b*) of the Schedule of the letter "d^1";

and

(3) the substitution in paragraph (*g*) of the Schedule for the expression 'beacon lettered "m"' of the expression 'beacon lettered "m^1"'; for the expression 'beacon lettered "1"' of the expression 'beacon lettered "1^1"'; for the expression 'beacon lettered "k"' of the expression 'beacon lettered "k^1"'; and for the expression 'boundary lettered "j"—"k"' of the expression 'boundary lettered "j^1"—"k^1"'.

✱ No. 112, 1956.]

INSTELLING VAN NATURELLEKOMMISSARISHOWE, RANDFONTEIN EN ROODEPOORT EN HEROMSKRYWING VAN DIE REGSGEBIED VAN DIE NATURELLEKOMMISSARISHOF, KRUGERSDORP.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikels (1) en (3) van artikel *tien* van die Naturelle-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), soos gewysig—

(*a*) stel ek hierby Naturellekommissarishowe te Randfontein en Roodepoort in en bepaal ek dat dié gebiede waarbinne sodanige howe regsmag het, dié is wat in bygaande Bylae A omskryf is; en

(*b*) wysig ek Proklamasie No. 298 van 1928 ooreenkomstig bygaande Bylae B.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Agtiende dag van Mei Eenduisend Negehonderd Ses-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

BYLAE A.

Plek waar hof ingestel is.	*Regsgebied.*
Randfontein.	Magistraatsdistrik Randfontein.
Roodepoort.	Magistraatsdistrik Roodepoort.

BYLAE B.

In Proklamasie No. 298 van 1928, soos gewysig by Proklamasie No. 122 van 1948, onder die opskrif „Transvaalprovinsie", skrap die woorde—

„Krugersdorp.	Magistraatsdistrikte van Krugersdorp, Randfontein en Roodepoort,";

en vervang dit deur die volgende:—

„Krugersdorp.	Magistraatsdistrik van Krugersdorp".

✱ No. 113, 1956.]

WYSIGING VAN OMSKRYWING VAN GROEPSGEBIEDE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikels (1) en (2) van artikel *drie* van die Wet op Groepsgebiede, 1950 (Wet No. 41 van 1950), gelees met artikel *drie-en-dertig* van genoemde Wet, wysig ek hierby Proklamasie No. 221 van 1955 deur—

(1) die woorde „Erf No. 90 Brandvlei (Kaart No. 1557/1916)" waar dit in paragraaf (*a*) van die Bylae voorkom deur die woorde „Erf No. 391 Brandvlei (Algemene Plan 2771 K.K.)" te vervang;

(2) die letter „d" waar dit in paragraaf (*b*) van die Bylae voorkom deur die letter „d^1" te vervang; en

(3) in paragraaf (*g*) van die Bylae, die uitdrukking „baken geletter „m"" deur die uitdrukking „baken geletter „m^1""; die uitdrukking „baken geletter „1"" deur die uitdrukking „baken geletter „1^1""; die uitdrukking „baken geletter „k"" deur die uitdrukking „baken geletter „k^1""; en die uitdrukking „grens geletter „j"—„k"" deur die uitdrukking „grens geletter „j^1"—„k^1"" te vervang.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and Great Seal at Cape Town on this Seventh day of June, One thousand Nine hundred and Fifty-six.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

T. E. DÖNGES.

✱ No. 114, 1956.]

DEFINITION OF AREAS TO WHICH THE PROVISIONS OF PARAGRAPH (*b*) OF SUB-SECTION (3) OF SECTION *THIRTEEN* OF THE GROUP AREAS ACT, 1950, AS AMENDED, APPLY.

Under and by virtue of the powers vested in me by paragraph (*a*) of sub-section (3) of section *thirteen* of the Group Areas Act, 1950 (Act No. 41 of 1950), as amended, I do hereby define the areas situate in the municipal area of Kingsburgh, in the Province of Natal and in the area specified in Proclamation No. 74 of 1951 and described in the Schedule hereto, for the purpose of paragraph (*b*) of the said sub-section.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Seventh day of June, One thousand Nine hundred and Fifty-six.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

T. E. DÖNGES.

SCHEDULE.

IN THE BOROUGH OF KINGSBURGH.

Description of Area.	*Office of the Surveyor-General. Diagram Reference Number.*
The remainder of T. 42 No. 8932.....	G.V. 331, folio 16.
The remainder of T. 18 No. 6627.....	G.V. 166, folio 19.
Subdivision 10 of A of T No. 6479.....	S.V. 741, folio 24.
Subdivision 8 of C.L. 1.....	S.G. No. 2087/1943.

✱ No. 115, 1956.]

DEFINITION OF AREA TO WHICH THE PROVISIONS OF PARAGRAPH (*b*) OF SUB-SECTION (3) OF SECTION *THIRTEEN* OF THE GROUP AREAS ACT, 1950, AS AMENDED, APPLY.

Under and by virtue of the powers vested in me by paragraph (*a*) of sub-section (3) of section *thirteen* of the Group Areas Act, 1950 (Act No. 41 of 1950), as amended, I do hereby define the area situate in the Health Committee Area of Leslie in the Province of Transvaal and in the area specified in Proclamation No. 74 of 1951 and described in the Schedule hereto, for the purposes of paragraph (*b*) of the said sub-section.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Seventh day of June, One thousand Nine hundred and Fifty-six.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

T. E. DÖNGES.

SCHEDULE.

IN THE HEALTH COMMITTEE AREA OF LESLIE.

Description of Area.	*Office of the Surveyor-General. Diagram Reference Number.*
Portion 26 (a portion of Portion F of Portion) of the farm Brakfontein No. 3, District Bethal	S.G. No. A. 2980/44.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Sewende dag van Junie Eenduisend Negehonderd Ses-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

T. E. DÖNGES.

✱ No. 114, 1956.]

OMSKRYWING VAN GEBIEDE WAAROP DIE BEPALINGS VAN PARAGRAAF (*b*) VAN SUBARTIKEL (3) VAN ARTIKEL *DERTIEN* VAN DIE WET OP GROEPSGEBIEDE, 1950, SOOS GEWYSIG VAN TOEPASSING IS.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*a*) van subartikel (3) van artikel *dertien* van die Wet op Groepsgebiede, 1950 (Wet No. 41 van 1950), soos gewysig, omskryf ek hierby, vir die doeleindes van paragraaf (*b*) van genoemde subartikel, die gebiede wat in die munisipale gebied van Kingsburgh, in die Provinsie Natal en in die gebied aangewys in Proklamasie No. 74 van 1951 geleë is en in die Bylae hiervan beskryf word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad op hede die Sewende dag van Junie Eenduisend Negehonderd Ses-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

T. E. DÖNGES.

BYLAE.

IN DIE MUNISIPALITEIT KINGSBURGH.

Beskrywing van Gebied.	*Kantoor van die Landmeter-generaal. Verwysingsnommer van Kaart.*
Die restant van T. 42 No. 8932.....	G.V. 331, folio 16.
Die restant van T. 18 No. 6627.....	G.V. 166, folio 19.
Onderverdeling 10 van A van T. No. 6479..	K.B. 741, Folio 24.
Onderverdeling 8 van C.L. 1.....	L.G. No. 2087/1943.

✱ No. 115, 1956.]

OMSKRYWING VAN GEBIED WAAROP DIE BEPALINGS VAN PARAGRAAF (*b*) VAN SUBARTIKEL (3) VAN ARTIKEL *DERTIEN* VAN DIE WET OP GROEPSGEBIEDE, 1950, SOOS GEWYSIG, VAN TOEPASSING IS.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*a*) van subartikel (3) van artikel *dertien* van die Wet op Groepsgebiede, 1950 (Wet No. 41 van 1950) soos gewysig, omskryf ek hierby, vir die doeleindes van paragraaf (*b*) van genoemde subartikel, die gebied wat in die Gesondheidskomiteegebied van Leslie in die Provinsie Transvaal en in die gebied aangewys in Proklamasie No. 74 van 1951 geleë is en in die Bylae hiervan beskryf word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad op hede die Sewende dag van Junie Eenduisend Negehonderd Ses-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

T. E. DÖNGES.

BYLAE.

IN DIE GESONDHEIDSKOMITEEGEBIED VAN LESLIE.

Beskrywing van Gebied.	*Kantoor van die Landmeter-generaal. Verwysingsnommer van Kaart.*
Gedeelte 26 ('n gedeelte van Gedeelte F van Gedeelte) van die plaas Brakfontein No. 3, distrik Bethal	L.G. No. A. 2980/44.

✻ No. 116, 1956.]

VAAL RIVER DEVELOPMENT SCHEME GOVERNMENT IRRIGATION AREA, DISTRICTS OF HEIDELBERG, STANDERTON AND VEREENIGING, TRANSVAAL PROVINCE AND FRANKFORT AND HEILBRON, ORANGE FREE STATE PROVINCE.—DESCRIPTION OF THE PROPERTIES COMPRISING THE GOVERNMENT IRRIGATION AREA.

Whereas the properties comprising the Vaal River Development Scheme Government Irrigation Area have by Proclamation No. 32 of 1956, been described in terms of section *ninety-eight* of the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912, as amended by section *nine* of the Irrigation Amendment Act, No. 46 of 1934;

And whereas the Governor-General may, in terms of the said section *ninety-eight*, amended as aforesaid, from time to time by like proclamation alter the boundaries of such area;

And whereas it is desirable that the said Government Irrigation Area be extended by the inclusion therein of two other properties;

Now, Therefore, under and by virtue of the powers in me vested by section *ninety-eight* of the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912, as amended by section *nine* of the Irrigation Amendment Act, No. 46 of 1934, I hereby declare that the properties Scarborough No. 291 and Kalkoen No. 151, both situated in the District of Frankfort, Orange Free State Province, shall form part of the Vaal River Development Scheme Government Irrigation Area.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Fifth day of June, One thousand Nine hundred and Fifty-six.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

P. O. SAUER.

✻ No. 117, 1956.]

ELANDSSPRUIT IRRIGATION DISTRICT, DISTRICT OF PRETORIA, TRANSVAAL.—DISESTABLISHMENT.

Whereas it is provided by sub-section (1) of section *eighty-two* of the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912, that His Excellency the Governor-General may disestablish an irrigation district if the board of such irrigation district has not during any consecutive period of twelve months, held a meeting attended by a quorum of its members;

And whereas the Board of the Elandsspruit Irrigation District in the District of Pretoria, Transvaal, has not held a meeting attended by a quorum of its members during a consecutive period of twelve months;

Now, therefore, under and by virtue of the powers in me vested by the said sub-section (1) of section *eighty-two*, I do hereby declare that the irrigation district known as the Elandsspruit Irrigation District in the District of Pretoria, Transvaal; as constituted by Proclamation No. 304 of 1927, shall be disestablished.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Fifth day of June, One thousand Nine hundred and Fifty-six.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

P. O. SAUER.

✻ No. 116, 1956.]

STAATSBESPROEIINGSGEBIED VAALRIVIER-UITBREIDINGSKEMA, DISTRIKTE HEIDELBERG, STANDERTON EN VEREENIGING, PROVINSIE TRANSVAAL, EN FRANKFORT EN HEILBRON, PROVINSIE ORANJE-VRYSTAAT.—BESKRYWING VAN DIE EIENDOMME WAT DIE STAATSBESPROEIINGSGEBIED UITMAAK.

Nademaal die eiendomme wat die Staatsbesproeiingsgebied Vaalrivier-uitbreidingskema uitmaak by Proklamasie No. 32 van 1956 kragtens artikel *agt-en-negentig* van die Besproeiings- en Waterbewarings Wet, No. 8 van 1912, soos gewysig by artikel *nege* van die Besproeiings-Wysigingswet, No. 46 van 1934, omskryf is;

En nademaal die Goewerneur-generaal, kragtens genoemde artikel *agt-en-negentig*, gewysig soos voormeld, die grense van die gebied van tyd tot tyd by soortgelyke proklamasie kan verander;

En nademaal dit wenslik is dat genoemde Staatsbesproeiingsgebied uitgebrei word deur die insluiting daarby van twee ander eiendomme;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *agt-en-negentig* van die Besproeiings- en Waterbewarings Wet, No. 8 van 1912, soos gewysig by artikel *nege* van die Besproeiings-Wysigingswet, No. 46 van 1934, hierby verklaar dat die eiendomme Scarborough No. 291 en Kalkoen No. 151, albei geleë in die distrik Frankfort, Provinsie Oranje-Vrystaat, deel uitmaak van die Staatsbesproeiingsgebied Vaalrivier-uitbreidingskema.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Vyfde dag van Junie Eenduisend Negehonderd ses-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

P. O. SAUER.

✻ No. 117, 1956.]

BESPROEIINGSDISTRIK ELANDSSPRUIT, DISTRIK PRETORIA, TRANSVAAL.—OPHEFFING.

Nademaal daar by subartikel (1) van artikel *twee-en-tagtig* van die Besproeiings- en Waterbewarings Wet, No. 8 van 1912, bepaal word dat Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal 'n besproeiingsdistrik kan ophef wanneer die besproeiingsraad van so 'n besproeiingsdistrik gedurende 'n onafgebroke tydperk van twaalf maande geen vergadering gehou het waarop 'n kworum teenwoordig was nie;

En nademaal die Raad van die Besproeiingsdistrik Elandsspruit in die distrik Pretoria, Transvaal, gedurende 'n onafgebroke tydperk van twaalf maande geen vergadering gehou het waarop 'n kworum teenwoordig was nie;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by genoemde subartikel (1) van artikel *twee-en-tagtig*, hierby verklaar dat die Besproeiingsdistrik bekend as die Besproeiingsdistrik Elandsspruit in die distrik Pretoria, Transvaal, soos by Proklamasie No. 304 van 1927 ingestel, opgehef word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Vyfde dag van Junie Eenduisend Negehonderd ses-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

P. O. SAUER.

GOVERNMENT NOTICES.

The following Government Notices are published for general information:—

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

✱ No. 1075.] [22 June 1956.

APPOINTMENT OF ACTING PRIME MINISTER AND ACTING MINISTERS OF EXTERNAL AFFAIRS AND OF FINANCE.

It is hereby notified that His Excellency the Governor-General has been pleased to approve of the appointment of the Honourable C. R. SWART as Acting Prime Minister and Acting Minister of External Affairs and of the Honourable J. F. NAUDÉ as Acting Minister of Finance during the absence from the Union of the Honourable J. G. STRIJDOM and the Honourable E. H. LOUW, with effect from the 23rd June, 1956.

DEPARTMENT OF JUSTICE.

✱ No. 1090.] [22 June 1956.

SUBSTITUTION OF FOURTH TABLE OF THE THIRD SCHEDULE TO THE COMPANIES ACT, 1926 (ACT No. 46 OF 1926).

By virtue of the powers vested in me by sub-section (3) of section *two hundred and nineteen* of the Companies Act, 1926 (Act No. 46 of 1926), as amended, I, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister of Justice for the Union of South Africa hereby substitute the table set out in the Schedule hereto for the Fourth Table of the Third Schedule to the said Act; provided that the amendment effected by this notice shall not apply to a company in respect of which a winding-up or judicial management order was granted before the date of publication hereof.

SCHEDULE.

"FOURTH TABLE.

TABLE OF FEES TO BE PAID TO MASTER IN CONNECTION WITH THE WINDING UP OR JUDICIAL MANAGEMENT OF A COMPANY.

	£	s.	d.
1. For inspection of documents in any one winding up except by or on behalf of the liquidator	0	2	6
2. For taxing liquidator's remuneration or bill of costs (but not a deputy sheriff's account) on every pound or fraction of a pound of the amount taxed	0	1	0
3. For binding documents in each winding up according to the number and volume of the documents—in the discretion of the Master, from 7s. to	1	10	0
4. (*a*) For extracts or copies of documents made in the office of a Master, for every one hundred words or fraction thereof	0	1	0
(*b*) For extracts or copies of documents certified in the office of a Master (whether or not made in such office), for every one hundred words or fraction thereof	0	1	0
5. On the assets available for distribution among creditors and contributories of any company in liquidation—			
Up to £5,000: ¼ per cent, minimum	1	0	0
Thereafter: ⅛ per cent.			

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer:—

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

✱ No. 1075.] [22 Junie 1956.

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE EERSTE MINISTER EN WAARNEMENDE MINISTERS VAN BUITELANDSE SAKE EN VAN FINANSIES.

Hierby word bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om sy goedkeuring te heg aan die aanstelling van Sy Edele C. R. SWART as Waarnemende Eerste Minister en Waarnemende Minister van Buitelandse Sake en van Sy Edele J. F. NAUDÉ as Waarnemende Minister van Finansies gedurende die afwesigheid uit die Unie van Sy Edele J. G. STRIJDOM en Sy Edele E. H. LOUW, met ingang van 23 Junie 1956.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

✱ No. 1090.] [22 Junie 1956.

VERVANGING VAN VIERDE TABEL VAN DIE DERDE BYLAE BY DIE MAATSKAPPYWET, 1926 (WET No. 46 VAN 1926).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (3) van artikel *twee honderd en negentien* van die Maatskappywet 1926 (Wet No. 46 van 1926), soos gewysig, vervang ek, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister van Justisie vir die Unie van Suid-Afrika hierby die Vierde Tabel van die Derde Bylae by genoemde Wet met die tabel in die Bylae hiervan uiteengesit; met dien verstande dat die wysiging deur hierdie kennisgewing aangebring, nie op 'n maatskappy ten opsigte waarvan 'n likwidasie- of geregtelike bestuursorder voor die datum van afkondiging hiervan verleen is, van toepassing is nie.

BYLAE.

„VIERDE TABEL.

LYS VAN GELDE WAT AAN DIE MEESTER BETAAL MOET WORD IN VERBAND MET DIE LIKWIDASIE OF GEREGTELIKE BESTUUR VAN 'N MAATSKAPPY.

	£	s.	d.
1. Vir insae van dokumente in een bepaalde likwidasie behalwe deur of ten behoewe van die likwidateur	0	2	6
2. Vir taksasie van besoldiging van likwidateur of kosterekening (maar nie die rekening van 'n onderbalju nie) vir elke pond of gedeelte van 'n pond van die getakseerde bedrag	0	1	0
3. Vir die inbind van dokumente in elke likwidasie na gelang van die aantal en omvang van die dokumente volgens diskressie van die Meester, van 7s. tot	1	10	0
4. (*a*) Vir uittreksels of afskrifte van stukke wat in die kantoor van 'n Meester gemaak is vir elke honderdtal of deel van 'n honderdtal woorde	0	1	0
(*b*) Vir uittreksels of afskrifte van stukke wat in die kantoor van 'n Meester gesertifiseer is (hetsy in so 'n kantoor gemaak al dan nie), vir elke honderdtal of deel van 'n honderdtal woorde	0	1	0
5. Op die bate beskikbaar vir verdeling onder skuldeisers en kontribuante van enige maatskappy in likwidasie—			
Tot £5,000: ¼ persent, minimum ...	1	0	0
Daarna: ⅛ persent.			

6. On the gross assets of any company placed under judicial management, as disclosed by the reports or other information which the judicial manager is required to submit to the Master in terms of paragraph (*b*) of sub-section (1) of section *one hundred and ninety-six:*—

Up to £5000: ¼ per cent, minimum	1	0	0
Thereafter and up to £10,000: ⅛ per cent.			
Thereafter: 1/16 per cent.			

Provided that if the judicial management proceedings are followed by an order for the winding-up of the company or by the voluntary liquidation thereof, only those fees payable in terms of this table in connection with the winding up of a company shall be due.

7. On any amount paid by the liquidator or judicial manager into the Guardian's Fund for account of creditors or contributories: 5 per cent.

8. The fees referred to in items 1 and 4 shall be payable by means of revenue stamps affixed to the relevant document and those referred to in items 2, 3, 5, 6 and 7 shall be payable in cash."

C. R. SWART,
Minister for Justice.

✱ No. 1096.] [22 June 1956.

AMENDMENT OF PARAGRAPH (*a*) OF SUB-SECTION (1) OF SECTION *EIGHT BIS* OF THE JUSTICES OF THE PEACE AND OATHS ACT, 1914 (ACT No. 16 OF 1914), AS AMENDED.

I, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister of Justice for the Union of South Africa, acting under the powers vested in me by sub-section (1) (*b*) of section *eight bis* of the Justices of the Peace and Oaths Act, 1914 (Act No. 16 of 1914), as amended, hereby amend paragraph (*a*) of sub-section (1) of the said section by the substitution for all the offices mentioned after the expression "viz." of the following offices: "High Commissioner or counsellor; secretary (first, second or third) in the office of a high commissioner; ambassador; minister; chargé d' affaires en titre; chargé d'affaires ad interim; counsellor; secretary (first, second or third) of embassy and legation; permanent representative and deputy permanent representative to the United Nations; consul-general; consul; vice-consul; head of a military mission; senior trade commissioner; trade commissioner; assistant trade commissioner; commercial secretary; commissioner; passport control officer; assistant passport control officer; commissioned officers of the Union Defence Force; immigration examining officers; the Representative of the Union of South Africa on the Council of the International Civil Aviation Organization; the Director, Union of South Africa Government Supply Office, New York; the Advisory Engineer, South African Railways, London; the Commercial Representative, South African Railways, London; the South African Railways Representative, Lourenço Marques; the South African Railways Representative, Bulawayo; officers-in-charge of meteorological stations and all officers in the Higher Professional and Administrative Division, clerical assistants, grade I, and road transportation inspectors in the Public Service of the Union, serving at any place outside the Union."

C. R. SWART,
Minister of Justice.

---

6. Op die bruto bates van enige maatskappy wat onder geregtelike bestuur gestel is, soos openbaar gemaak in die verslae en ander inligting wat die geregtelike bestuurder ooreenkomstig paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel *honderd ses-en-negentig* aan die Meester moet voorlê:—

Tot £5,000: ¼ persent, minimum ...	1	0	0
Daarna tot £10,000: ⅛ persent.			
Daarna: 1/16 persent.			

Met dien verstande dat indien die verrigtinge insake die geregtelike bestuur gevolg word deur 'n order tot die likwidasie van die maatskappy of deur die vrywillige likwidasie daarvan, is slegs daardie gelde wat ingevolge hierdie tabel in verband met die likwidasie van 'n maatskappy betaalbaar is, verskuldig.

7. Op enige bedrag wat deur die likwidateur of geregtelike bestuurder op rekening van skuldeisers of kontribuante in die Voogdyfonds gestort word: 5 persent.

8. Die in items 1 en 4 bedoelde leges is betaalbaar deur middel van inkomsteseëls aan die betrokke stuk geheg en die in items 2, 3, 5, 6 en 7 bedoelde leges is kontant betaalbaar."

C. R. SWART,
Minister van Justisie.

✱ No. 1096.] [22 Junie 1956.

WYSIGING VAN PARAGRAAF (*a*) VAN SUB-ARTIKEL (1) VAN ARTIKEL *AGT BIS* VAN DE WET OP VREDERECHTERS EN EDEN, 1914 (WET No. 16 VAN 1914), SOOS GEWYSIG.

(*b*) the South West African Administration; and
(*c*) the South African Railways and Harbours Administration. (But not the South African Railways Sick Fund.)

The charges for tests will be such as have been approved by Treasury.

5. GENERAL RULES APPLICABLE TO THE CARRYING OUT OF LABORATORY TESTS.

All tests which are carried out at the laboratories will be subject to the following conditions:—

(*a*) All specimens forwarded to the laboratories for testing shall be delivered in suitable containers which do not leak, which are properly labelled with identification marks and which are accompanied by adequately completed request forms giving all necessary particulars, viz., the name and address of the sender, the identification mark and the nature

4. LABORATORIUMDIENSTE WAARVOOR GELDE GEVRA SAL WORD.

(i) *Dienste aan plaaslike besture ten opsigte van die bakteriologiese ondersoek van monsters van water wat vir huishoudelike gebruik bedoel is.*

Die gelde wat van 'n plaaslike bestuur vir die bakteriologiese ondersoek van watermonsters gevorder word, is £1. 10s. per monster, maar as daar vooraf spesiale reëlings wat deur die Hoofstreekgesondheidsbeampte van die streek goedgekeur is, getref is, dat 'n plaaslike bestuur (oor 'n tydperk van een jaar) monsters van 'n besondere huishoudelike watervoorraad vir gereelde toetsing sal indien, sal die gelde tot 5s. per monster verminder word. Voordat sulke spesiale reëlings goedgekeur word, moet die plaaslike bestuur aan die Hoofstreeksgesondheidsbeampte 'n duidelike beskrywing van die betrokke watervoorraad verskaf en laasgenoemde sal aandui onder watter voorwaardes die monsters ingedien kan word, met spesiale verwysing na die aantal monsters en tyd van aflewering by die laboratorium. Hierdie spesiale reëlings kan jaarliks hernu word.

Om toetse betroubaar te maak, is dit noodsaaklik dat watermonsters gedurig vanaf die tyd waarop dit geneem is tot die tyd van aflewering by die laboratorium by 'n lae temperatuur gehou word. Om hierdie rede moet die bottels wat die watermonsters bevat, gedurende hierdie tydperk in ys binne 'n spesiale geïsoleerde houer wat die laboratorium moet bereik voordat al die ys gesmelt het, verpak word.

Die gesteriliseerde bottels vir die neem van die monsters kan op aanvraag by die naaste laboratorium verkry word, maar die ys en die geïsoleerde houers moet deur die plaaslike bestuur op eie koste verskaf word. Die houers sal so spoedig moontlik na ontvangs by die laboratorium aan plaaslike besture teruggestuur word.

(ii) *Ander laboratoriumdienste wat aan plaaslike besture verskaf word en waarvoor nie elders in hierdie kennisgewing voorsiening gemaak word nie.*

Ander bakteriologiese toetse wat regstreeks in die belang van die openbare gesondheid is en waarvoor nie elders in hierdie kennisgewing voorsiening gemaak word nie, bv. die bakteriologiese roetinetoetsing van suiwelprodukte en riooluitvloeisels, kan uitgevoer word teen £2 per monster, maar as spesiale reëlings vooraf getref en deur die Hoofstreeksgesondheidsbeampte van die streek goedgekeur is, dat 'n plaaslike bestuur monsters vir gereelde toetsing indien, sal die gelde tot 10s. per monster verminder word.

(iii) *Dienste wat aan ander administrasies verskaf kan word.*

Patologiese laboratoriumdienste kan by die Staatslaboratoriums vir Patologie in Kaapstad en Durban aan die volgende administrasies verskaf word:—

(*a*) Die onderskeie Provinsiale Administrasies;
(*b*) die Administrasie van Suidwes-Afrika; en
(*c*) die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawensadministrasie (maar nie die Siekefonds van die Suid-Afrikaanse Spoorweë nie).

Die gelde vir die toetse is dié wat deur die Tesourie goedgekeur is.

5. ALGEMENE REËLS VAN TOEPASSING OP DIE UITVOER VAN LABORATORIUMTOETSE.

Alle toetse wat by die laboratoriums uitgevoer word, is aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(*a*) Alle monsters wat vir toetsing na die laboratoriums gestuur word, moet verpak word in geskikte houers wat nie lek nie en wat behoorlik geëtiketteer is met onderskeidingsmerke en wat vergesel gaan van behoorlik ingevulde aansoekvorms met die nodige besonderhede, nl., die naam en adres van die afsender, die onderskeidingsmerk en die aard van die monster, die soort toets wat verlang word en 'n

of the specimen, the type of test desired and a brief account of the circumstances which necessitate the examination. These request forms should be signed by a responsible person, e.g. the medical officer in charge of the patient.

Suitable containers with labels and printed request forms may be obtained, in reasonable quantities, on application to the pathologist in charge of the nearest laboratory.

Containers supplied by a laboratory remain at all times the property of the laboratory and must be used for no purpose other than that of transmitting specimens to the laboratory whence they were obtained.

(*b*) All specimens must be delivered to the laboratory free of charge for carriage or postage.

(*c*) All specimens forwarded by post, rail or air must be so packed as to comply strictly with relevant regulations.

(*d*) Subject to such general instructions as may from time to time be issued by the Minister, the examination of specimens received shall be at the discretion of the pathologist in charge of the laboratory who may arrange to carry out particular tests only on certain days of the week or who may decline to undertake any tests which he considers to be necessary. The methods employed for testing shall also be at the pathologists' discretion.

(*e*) When the sender wishes the same test to be repeated on similar specimens from the same patient, he must clearly state on the request form that the specimen is a repeated one and he must also indicate thereon the reasons for repeating the specimen and whether it is being repeated for a first or subsequent time. The result of previous examination(s) must be indicated. The pathologist in charge of the laboratory may lay down rules as to when and how often specimens may be repeated and he may decline to examine specimens which he considers to have been unnecessarily repeated.

(*f*) Reports on specimens from patients must be regarded as confidential and not be shown to persons who are not entitled to see them.

(*g*) Under no circumstances may reports or results of tests be used for trade or advertising purposes.

(*h*) Specimens will not be returned to the sender unless he has requested this at the time of sending and has prepaid the cost of returning the specimens.

(*i*) For information as to what specimens to take for testing in respect of various diseases, how and when to send such specimens to the laboratory, when to request repetition of tests and what tests are routinely employed at the laboratory, medical practitioners should apply to the pathologist in charge of the laboratory for a copy of the relevant pamphlet.

✱ No. 1074.] [22 Junie 1956.

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL.—RULES REGARDING THE REGISTRATION OF ADDITIONAL QUALIFICATIONS.

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred on him by sub-section (4) of section *ninety-four* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), has approved of the following amendment of the rules made by the South African Medical and Dental Council under paragraph (*h*) of sub-section (2) of the said Act and published under Government Notice No. 2440 of the 15th December, 1955.

Add the following further qualifications:—

(*b*) Registrable by Dentists:—

Royal College of Surgeons, Edinburgh	Fellow in Dental Surgery	F.D.S., R.C.S. Edin.

beknopte verslag van die omstandighede wat die ondersoek nodig maak. Hierdie aansoekvorms moet deur 'n verantwoordelike persoon, bv. die geneeskundige beampte deur wie die pasiënt behandel word, onderteken word.

Geskikte houers met etikette en gedrukte aansoekvorms kan in redelike hoeveelhede, op aanvraag by die verantwoordelike patoloog by die naaste laboratorium verkry word.

Houers wat deur 'n laboratorium verskaf word, bly altyd die eiendom van die laboratorium en moet vir geen ander doel gebruik word nie as om monsters na die laboratorium vanwaar dit verkry is, te stuur.

(*b*) Alle monsters moet vry van pos- en vervoerkoste by die laboratorium afgelewer word.

(*c*) Alle monsters wat per pos, spoor of lug gestuur word, moet streng volgens die betrokke regulasies verpag word.

(*d*) Behoudens die algemene instruksies wat die Minister van tyd tot tyd kan uitreik, word die ondersoek van monsters en materiaal aan die oordeel van die verantwoordelike patoloog by die laboratorium oorgelaat, en hy kan reël dat sekere toetse slegs op sekere dae van die week uitgevoer word, of kan weier om toetse uit te voer wat hy as onnodig beskou. Die toetsmetodes word ook aan die oordeel van die patoloog oorgelaat.

(*e*) As 'n sender verlang dat dieselfde toets op soortgelyke monsters van dieselfde pasiënt herhaal moet word, moet hy duidelik op die aansoekvorm aandui dat dit 'n monsters is wat herhaal word en moet ook sy redes vir die herhaling van die monster opgee en meld of dit die eerste of 'n latere herhaling is. Die uitslag van vorige ondersoeke moet aangedui word. Die verantwoordelike patoloog by die laboratorium kan reëls maak oor wanneer en hoe dikwels monsters herhaal kan word en kan weier om monsters te ondersoek as hy die herhaling daarvan onnodig beskou.

(*f*) Rapporte oor monsters van pasiënte moet as vertroulik beskou word en mag nie gewys word aan persone wat nie die reg het om dit te sien nie.

(*g*) Rapporte oor of uitslae van toetse mag onder geen omstandighede vir handels- of advertensiedoeleindes gebruik word nie.

(*h*) Monsters sal nie aan die afsender teruggestuur word nie, tensy hy, wanneer hy dit afstuur, dit versoek en die koste van die terugstuur van monsters vooruitbetaal.

(*i*) As inligting verlang word van watter monsters vir toetsing vir die onderskeie siektes geneem moet word, hoe en wanneer sulke monsters na die laboratorium gestuur moet word, wanneer 'n herhaling van toetse aangevra moet word en watter roetinetoetse by die laboratorium uitgevoer word, moet praktiserende geneeshere by die verantwoordelike patoloog by die laboratorium om 'n eksemplaar van die betrokke pamflet aansoek doen.

✱ No. 1074.] [22 Junie 1956.

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD.—REËLS TEN OPSIGTE VAN DIE REGISTRASIE VAN ADDISIONELE KWALIFIKASIES.

Die Minister van Gesondheid het, in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (4) van artikel *vier-en-negentig* van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), sy goedkeuring geheg aan die wysiging van die reëls deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad opgestel kragtens paragraaf (*h*) van subartikel (2) van genoemde artikel van die Wet en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 2440 van 15 Desember 1955.

Voeg die volgende verdere kwalifikasie by:—

(*b*) Registreerbaar deur Tandartse:—

„ Royal College of Surgeons, Edinburgh"	„ Fellow" in Tandheelkundige Chirurgie		F.D.S., R.C.S. Edin.

✱ No. 1092.] [22 June 1956.

FOOD, DRUGS AND DISINFECTANTS ACT, No. 13 OF 1929.—ENFORCEMENT BY LOCAL AUTHORITIES.

The Minister of Health, in the exercise of the powers conferred upon him by sub-section (2) of section *forty-three* of the Food, Drugs and Disinfectants Act, No. 13 of 1929, at the request of the Town Council, Vryheid, under sub-section (3) of section *two* of the said Act hereby amends Government Notice No. 295 of the 26th February, 1937, by the addition of the following to the list of local authorities published thereunder:—

Name of Local Authority.	*No. of Samples.*
Vryheid Municipality.	16

✱ No. 1093.] [22 June 1956.

SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL.—AMENDMENT OF REGULATIONS REGARDING DEGREES, DIPLOMAS OR CERTIFICATES ENTITLING MEDICAL PRACTITIONERS AND DENTISTS TO REGISTRATION.

His Excellency the Governor-General has been pleased, under the powers vested in him by sections *twenty-two* and *twenty-three*, read with sub-section (1) of section *ninety-four* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), as amended, and after consideration of a recommendation by the South African Medical and Dental Council, to amend the regulations published under Government Notice No. 321 of 24th February, 1956, by the addition to regulation (1) under the heading "Union of South Africa" of the following qualification:—

Licensing Body.	*Qualification.*	*Abbreviation for Registration.*
University of Natal	Bachelor of Medicine and Bachelor of Surgery	M.B. Ch.B. Univ. Natal.

✱ No. 1094.] [22 June 1956.

REFUND REGULATIONS IN TERMS OF SECTION *SEVENTEEN* OF THE PUBLIC HEALTH AMENDMENT ACT, 1946 (ACT No. 51 OF 1946), AS AMENDED BY SECTION *THIRTY-ONE* OF THE PUBLIC HEALTH AMENDMENT ACT, 1952 (ACT No. 44 OF 1952).

The Minister of Health in exercise of the powers conferred upon him by sub-section (3) of section *seventeen* of the Public Health Amendment Act, 1946 (Act No. 51 of 1946), as amended by section *thirty-one* of Act No. 44 of 1952, has made the following regulations, regarding refunds in respect of expenditure incurred by an administrator or a local authority in providing out-patient services referred to in sub-sections (1) and (4) of the said section of the said Act.

The regulations published under Government Notice No. 648 of 1947 are hereby rescinded.

I. DEFINITIONS.

Any expression to which a meaning has been assigned in Act No. 36 of 1919, shall, when used in these regulations, bear the same meaning.

For the purposes of these regulations—

"outpatient services" mean services rendered to persons who are not inmates of any hospital, nursing home or similar institution providing bed accommo-

✱ No. 1092.] [22 Junie 1956.

WET OP VOEDINGSMIDDELS, MEDISYNE EN ONTSMETTINGSMIDDELS, No. 13 VAN 1929.—TOEPASSING DEUR PLAASLIKE BESTURE.

Die Minister van Gesondheid wysig hierby, in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (2) van artikel *drie-en-veertig* van die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, No. 13 van 1929, en op versoek van die Stadsraad van Vryheid kragtens subartikel (3) van artikel *twee* van genoemde Wet, Goewermentskennisgewing No. 295 van 26 Februarie 1937 deur onderstaande aan die lys van plaaslike besture wat by genoemde kennisgewing gepubliseer is, toe te voeg:—

Naam van plaaslike bestuur.	*Getal Monsters.*
Munisipaliteit Vryheid.	16

✱ No. 1093.] [22 Junie 1956.

SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD.—WYSIGING VAN REGULASIES BETREFFENDE GRADE, DIPLOMAS EN SERTIFIKATE WAT GENEESHERE EN TANDARTSE REG OP REGISTRASIE GEE.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels *twee-en-twintig* en *drie-en-twintig*, gelees met subartikel (1) van artikel *vier-en-negentig* van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), soos gewysig, en na oorweging van 'n aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 321 van 24 Februarie 1956, te wysig deur onder die opskrif „Unie van Suid-Afrika" die volgende kwalifikasie aan regulasie (1) toe te voeg:—

Lisensiërende Liggaam.	*Kwalifikasie.*	*Afkorting vir Registrasie.*
Universiteit van Natal	Baccalaureus in Geneeskunde en Baccalaureus in Chirurgie	M.B. Ch.B. Univ. Natal.

✱ No. 1094.] [22 Junie 1956.

REGULASIES OP TERUGBETALINGS INGEVOLGE ARTIKEL *SEWENTIEN* VAN DIE WYSIGINGSWET OP VOLKSGESONDHEID (WET No. 51 VAN 1946), SOOS GEWYSIG BY ARTIKEL *EEN-EN-DERTIG* VAN DIE WYSIGINGSWET OP VOLKSGESONDHEID, 1952 (WET No. 44 VAN 1952).

By die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) van artikel *sewentien* van die Wysigingswet op Volksgesondheid, 1946 (Wet No. 51 van 1946), soos gewysig by artikel *een-en-dertig* van Wet No. 44 van 1952, het die Minister van Gesondheid die volgende regulasies aangaande terugbetalings ten opsigte van uitgawes wat deur 'n administrateur of 'n plaaslike owerheid aangegaan is deur die verskaffing van buitepasiëntdienste waarna in subartikels (1) en (4) van die genoemde artikel van die Wet verwys word, gemaak.

Die regulasies by Goewermentskennisgewing No. 648 van 1947 gepubliseer, word hierby herroep.

I. WOORDBEPALING.

Enige uitdrukking waaraan 'n betekenis in Wet No. 36 van 1919 geheg is, het dieselfde betekenis wanneer dit in hierdie regulasies gebesig word.

Vir die toepassing van hierdie regulasies beteken—

„buitepasiëntdienste", dienste aan persone wat nie in 'n hospitaal, verpleeginrigting of soortgelyke inrigting wat bedgeriewe vir die behandeling van sulke persone

dation for the treatment of such persons but who attend either a detached outpatient department, as defined in sub-section (5) of section *seventeen* of the Public Health Amendment Act, 1946, or make use of outpatient services provided by a local authority, independently of any hospital, but does not include persons who attend for treatment at a venereal or tuberculosis clinic organised by an administrator or a local authority under the provisions of the Public Health Act, 1919, or any amendment thereof, or under any other law;

"capital expenditure" means expenditure involved in the erection of equipment or furnishing of accommodation required for the purpose of providing outpatient services;

"maintenance expenditure" means cost of providing outpatient services, other than capital expenditure, and includes the cost of services required in connection with the provision of outpatient services such as the supply of water, transport, electric power and sanitary services, but refunds will be made only on bare cost price (in the event of an administrator or local authority being unable to certify what is bare cost price, the Minister may, at his discretion, fix the price eligible for refund) but does not include—

(1) honoraria or overtime allowances paid to regular officials or employees;

(2) cash payments to or on behalf of patients or indigents;

(3) expenditure on vaccines or sera in excess of the prices charged by the Government or the South African Institute for Medical Research;

(4) expenses of delegates attending conferences or of councillors or officials attending special meetings, cost of preparing reports and framing statements of expenditure and charges of a like nature;

(5) compensation for articles damaged or destroyed, unless the specific approval of the Department was obtained before the liability was incurred;

(6) expenditure entailed by neglect or default;

(7) charges, such as administrative expenses, overhead charges, interest, rent, rates, taxes, etc., as between different departments of the same authority, or which could have been avoided had the authority made full use of its own appropriate staff, equipment and resources;

(8) interest, depreciation on buildings or equipment, or any charges of a similar nature;

(9) expenditure on interviews incurred by prospective candidates for employment;

(10) such other expenditure as may be specified by the Minister.

II. PRIOR APPROVAL OF SCHEME TO PROVIDE OUT-PATIENT SERVICES NECESSARY FOR PURPOSE OF REFUND OF EXPENDITURE.

(1) (*a*) Every administrator or local authority desiring to obtain refunds of expenditure in respect of the establishment and maintenance of out-patient services shall apply to the Secretary for Health for the Minister's approval of the proposed scheme or any extensions to an existing scheme and shall furnish such details in connection with existing services and the accommodation and services to be provided as may be required by the Secretary for Health.

(*b*) No refund will be made of any expenditure incurred prior to the date of the Minister's approval therefor, except that if the Minister is satisfied that there were special circumstances which rendered it impossible to obtain his approval in advance, he may, at his discretion, accept for refund purposes, any expenditure for which approval has not been obtained in advance.

verskaf, opgeneem is nie, maar wat òf 'n afgeskeie buitepasiëntafdeling besoek, soos bepaal by subartikel (5) van artikel *sewentien* van die Wysigingswet op Volksgesondheid, 1946, òf buitepasiëntdienste geniet wat onafhanklik van enige hospitaal deur 'n plaaslike owerheid verskaf is, maar dit sluit nie persone in wat hulle vir behandeling aanmeld by 'n kliniek vir veneriese siektes of tuberkulose wat deur 'n administrateur of 'n plaaslike owerheid kragtens die bepalings van die Volksgesondheidwet, 1919, of enige wysiging daarvan of kragtens enige ander wet, georganiseer word nie;

„kapitaaluitgawe", uitgawes wat aangegaan is deur die oprigting of uitrusting of meubelering van akkommodasie wat nodig is om buitepasiëntdienste te verskaf;

„onderhoudsuitgawe", die koste van verskaffing van buitepasiëntdienste, behalwe kapitaaluitgawe, insluitende die koste van dienste nodig in verband met die verskaffing van buitepasiëntdienste soos die verskaffing van water, vervoer, elektriese krag en sanitêre dienste, maar terugbetalings sal slegs op blote kosprys gedoen word (ingeval dit nie vir 'n administrateur of plaaslike owerheid moontlik is om te sertifiseer wat blote kosprys is nie, kan die Minister na goeddunke die prys wat vir terugbetaling in aanmerking geneem kan word, vasstel), maar dit sluit nie die volgende uitgawes in nie:—

(1) Honoraria of toelaes vir oortyd aan gereelde beamptes of werknemers;

(2) kontantbetalings aan of ten behoewe van pasiënte of behoeftiges;

(3) uitgawes vir entstowwe of serums vir hoër pryse as dié wat deur die Staat of die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing gevra word;

(4) onkoste van afgevaardigdes wat konferensies bywoon of van raadslede of beamptes wat spesiale vergaderings bywoon, koste van opstel van rapporte en van state van uitgawe en koste van 'n soortgelyke aard;

(5) vergoeding vir artikels wat beskadig of vernietig is, tensy die uitdruklike goedkeuring van die Departement verkry is voordat die verpligting aangegaan is;

(6) uitgawes as gevolg van versuim of nalatigheid;

(7) koste, soos dié van administrasie, indirekte koste, rente, huur, heffings, belastings, ens., tussen verskillende afdelings onderling van dieselfde owerheid, of wat vermy kon gewees het indien die owerheid ten volle gebruik gemaak het van sy eie personeel, uitrusting en middele;

(8) rente, waardevermindering van geboue of uitrusting of alle koste van dergelike aard;

(9) uitgawe aan onderhoude aangegaan deur aspirant kandidate vir werk;

(10) ander uitgawes wat deur die Minister bepaal kan word.

II. VOORAFGAANDE GOEDKEURING VAN SKEMA OM BUITEPASIËNTDIENSTE TE VERSKAF NODIG VIR DOELEINDES VAN TERUGBETALING VAN UITGAWES.

(1) (*a*) Elke administrateur of plaaslike owerheid wat verlang om terugbetalings van uitgawes ten opsigte van die oprigting en instandhouding van buitepasiëntdienste te verkry, moet by die Sekretaris van Gesondheid aansoek doen om die Minister se goedkeuring vir die voorgestelde skema of vir die uitbreidings aan 'n bestaande skema en moet die besonderhede verstrek wat die Sekretaris van Gesondheid in verband met bestaande dienste en die akkommodasie en dienste wat verskaf sal word, vereis.

(*b*) Geen terugbetaling sal op enige uitgawe wat aangegaan is voordat die Minister se goedkeuring daarvoor gegee is, gedoen word nie, behalwe dat indien die Minister oortuig is dat daar spesiale omstandighede was wat dit onmoontlik gemaak het om sy voorafgaande goedkeuring te verkry, kan hy na goeddunke enige uitgawe waarvoor goedkeuring nie vooraf verkry is nie, vir terugbetalingsdoeleindes aanneem.

(2) If the Minister is satisfied that the scheme is necessary, suitable, and the best practicable, preliminary general approval thereof shall be conveyed by the Secretary for Health. Thereafter the administrator or local authority shall submit an application for the Minister's final approval, accompanied by detailed plans, specifications and estimates.

(3) The Minister's approval of the proposals, and the amount of the refund payable, shall in all cases be subject to the following conditions, and to such further conditions in any particular case as the Minister may specify in writing:—

(*a*) The administrator or local authority shall maintain the buildings and equipment at all times in good order and repair and such shall be available for the purposes for which they have been provided.

(*b*) The buildings or equipment shall not be used for any purpose other than that for which they have been provided, nor shall they be sold, let or otherwise alienated without the consent of the Minister having first been obtained subject to such conditions as he may approve.

(4) If any administrator or local authority fails to observe or carry out any condition imposed under this regulation, the amount of any refund made in respect of the capital expenditure on the accommodation or equipment shall be a debt due to the Government by the administrator or local authority and the certificate of the Minister shall be conclusive evidence of the amount due.

III. Claim for Refund of Capital and Maintenance Expenditure.

(1) Claims for refunds of capital and/or maintenance expenditure shall be submitted expeditiously to the Secretary for Health in respect of each quarter, in arrear save that in the case of capital expenditure only, claims for refund may be submitted before the expiry of the quarter in which such expenditure is incurred, and shall be accompanied by duly certified and receipted original vouchers, or duly certified copies thereof or duly certified abstracts of expenditure or in the case of administrators an audited statement of expenditure and shall include all expenditure actually disbursed during the quarter in respect of which refunds are claimed. These claims should, where possible be submitted separately from those under sections *forty-eight*, *fifty* and *sixty-six* of Act No. 36 of 1919.

(2) The cost of repairs carried out with the administrator's or local authority's own resources may also be accepted for refund, provided it is established to the satisfaction of the Minister that these were necessary and could not have been arranged without cost or at less cost; and that they entailed definite expenditure by taking up the time of artisans or mechanics who in the ordinary course would have been employed on other work. Claims in respect of the salaries or wages of any other permanent employees allocated to such work, or for supervision, overhead charges, depreciation, etc., will, however, not be accepted for refund.

(3) Detailed claims in respect of maintenance expenditure should set out clearly the expenditure incurred under the following headings as far as may be applicable:—

(*a*) Staff.
(*b*) Accommodation, e.g. rentals, repairs, etc.
(*c*) Plant, furniture and equipment.
(*d*) Supplies.
(*e*) Medicines, dressings, disinfectants and medical equipment.
(*f*) Fuel, light and washing.
(*g*) Transport.
(*h*) Miscellaneous (specify).

(2) Indien die Minister oortuig is dat die skema nodig, geskik en die beste uitvoerbare is, sal voorlopige algemene goedkeuring daarvan deur die Sekretaris van Gesondheid oorgedra word. Daarna moet die administrateur of plaaslike owerheid 'n aansoek, vergesel van uitvoerige planne, spesifikasies en beramings, vir die Minister se finale goedkeuring voorlê.

(3) Die Minister se goedkeuring van die voorstelle en die bedrag van terugbetaling betaalbaar is in alle gevalle aan die volgende voorwaardes onderworpe en aan die verdere voorwaardes wat die Minister in 'n besondere geval skriftelik kan spesifiseer:—

(*a*) Die administrateur of plaaslike owerheid moet te alle tye die geboue en uitrusting in goeie orde en toestand hou. Dit moet beskikbaar wees vir die doeleindes waarvoor dit verskaf is.

(*b*) Die geboue en uitrusting mag nie vir enige ander doel as dié waarvoor hulle verskaf is, gebruik word nie; ook mag hulle nie sonder toestemming van die Minister en onderworpe aan die voorwaardes wat die Minister kan goedkeur, verkoop, verhuur of andersins vervreem word nie.

(4) Indien 'n administrateur of plaaslike owerheid in gebreke bly om 'n voorwaarde wat ingevolge hierdie regulasies opgelê is, na te kom of uit te voer, word die bedrag van enige terugbetaling ten opsigte van die kapitaaluitgawe aan die akkommodasie of uitrusting 'n skuld wat deur die administrateur of plaaslike owerheid aan die Regering verskuldig is, en die sertifikaat van die Minister is afdoende bewys van die verskuldigde bedrag.

III. Vordering vir terugbetaling van Kapitaal- en Onderhoudsuitgawes.

(1) Vorderings vir terugbetaling van kapitaal- en/of onderhoudsuitgawes moet so spoedig moontlik aan die einde van elke kwartaal ten opsigte van dié kwartaal aan die Sekretaris van Gesondheid voorgelê word, behalwe dat vorderings alleen in die geval van kapitaaluitgawes voor die verstryking van die kwartaal waarin die uitgawes aangegaan is, voorgelê kan word, en moet vergesel gaan van behoorlik gesertifiseerde en voldane oorspronklike bewysstukke, of behoorlik gesertifiseerde afskrifte daarvan of behoorlik gesertifiseerde uittreksels van uitgawes, of in die geval van administrateurs, 'n geouditeerde staat van uitgawes, met inbegrip van alle uitgawe wat werklik aangegaan is gedurende die kwartaal ten opsigte waarvan terugbetalings geëis word. Hierdie vordering moet, waar moontlik afsonderlik van dié ingevolge artikels *agt-en-veertig*, *vyftig* en *ses-en-sestig* van Wet No. 36 van 1919 ingedien word.

(2) Die koste van reparasies met die administrateur of plaaslike owerheid se eie hulpmiddels uitgevoer, kan ook vir terugbetaling aangeneem word, mits tot tevredenheid van die Minister vasgestel word dat die reparasies nodig was en nie kosteloos of teen minder koste gereël kon word nie; en dat die reparasies bepaalde uitgawe meegebring het deurdat die tyd van ambagsmanne of werktuigkundiges wat in die gewone loop van sake met ander werk besig sou gewees het, in beslag geneem is. Vorderings ten opsigte van die salarisse of lone van enige ander vaste werknemers vir so 'n werk aangewys, of vir toesig, indirekte koste, waardevermindering, ens., sal egter nie vir terugbetaling aangeneem word nie.

(3) Vorderings ten opsigte van onderhoudsuitgawes moet die onkoste wat onder die volgende hoofde aangegaan is, vir sover dit van toepassing is, uitvoerig en duidelik uiteensit:—

(*a*) Personeel.
(*b*) Akkommodasie, bv. huur, reparasies, ens.
(*c*) Masjinerie, meubels en uitrusting.
(*d*) Voorrade.
(*e*) Medisyne, verbande, ontsmettingsmiddels en mediese uitrusting.
(*f*) Brandstof, lig en bewassing.
(*g*) Vervoer.
(*h*) Algemeen (spesifiseer).

(4) Every claim for a refund in respect of capital expenditure must bear a certificate in the following form signed by a senior responsible officer:—

"I hereby certify that this statement, duly supported by vouchers, represents expenditure actually and necessarily incurred and defrayed by the.....on the erection and equipment of accommodation for the provision of outpatient services in accordance with proposels duly approved by the Minister (departmental reference No. ..... of .....) and refund is applied for under sub-section (2) or (4) (whichever is applicable) of section *seventeen* of Act No. 51 of 1946, as amended by section *thirty-one* of Act No. 44 of 1952.

Further, that all articles, stores and services supplied or rendered and included in this claim are charged for at cost price only and at the most reasonable rates obtainable.

Further, that the building has been erected to the entire satisfaction of the.....

Signed.....

Designation.....

Date....."

(5) Every claim for a refund in respect of maintenance expenditure must bear a certificate in the following form signed by a senior responsible officer:—

"I hereby certify that the above statement, duly supported by vouchers, represents expenditure actually and necessarily incurred and defrayed by the.....during the quarter ended the.....19....., in the provision of outpatient services in accordance with proposals duly approved by the Minister and refund is hereby applied for in terms of sub-section (2) or (4) (whichever is applicable) of section *seventeen* of Act No. 51 of 1946, as amended by section *thirty-one* of Act No. 44 of 1952.

Further, that with the exception of the recoveries and the amounts shown as revenue as set forth in the accompanying schedules, and duly deducted, no part of such expenditure has been recovered or is recoverable from any other person or authority, and that to the best of my knowledge and belief the claim submitted herewith is in accordance with the provisions of the said Act and the relevant regulations.

Further, that all articles, stores and services supplied or rendered and included in this claim are charged for at cost price only and at the most reasonable rates obtainable.

Signed.....

Designation.....

Date....."

(4) Elke vordering ten opsigte van 'n terugbetaling van kapitaaluitgawes moet vergesel gaan van 'n sertifikaat soos hieronder uiteengesit. Dit moet deur 'n senior verantwoordelike beampte geteken word:—

„Hiermee sertifiseer ek dat hierdie verklaring, behoorlik gestaaf deur bewysstukke, uitgawes aandui wat werklik en noodsaaklik aangegaan en betaal is deur die.....ten opsigte van die oprigting en uitrusting van akkommodasie vir die verskaffing van buitepasiëntdienste in ooreenstemming met voorstelle wat behoorlik deur die Minister goedgekeur is (departementele verwysingsnommer..... van.....), en aansoek om terugbetaling word ooreenkomstig subartikel (2) of (4) (watter een ook al van toepassing is) van artikel *sewentien* van Wet No. 51 van 1946, soos gewysig by artikel *een-en-dertig* van Wet No. 44 van 1952, gedoen.

Verder dat alle artikels, voorrade en dienste wat deur die plaaslike owerheid verskaf of gelewer en in hierdie vordering ingesluit is, alleen teen kosprys in rekening gebring is en teen die redelikste tariewe verkrygbaar.

Verder dat die gebou tot die algehele bevrediging van die.....opgerig is.

Geteken.....

Ampstitel.....

Datum....."

(5) Elke vordering vir 'n terugbetaling van onderhoudsuitgawes moet vergesel gaan van 'n sertifikaat soos hieronder uiteengesit. Dit moet deur 'n senior verantwoordelike beampte geteken word:—

„Hiermee sertifiseer ek dat die verklaring hierbo, behoorlik gestaaf deur bewysstukke, uitgawes aandui wat werklik en noodsaaklik aangegaan en betaal is deur die.....gedurende die kwartaal geëindig.....19....., ten opsigte van die verskaffing van buitepasiëntdienste in ooreenstemming met voorstelle wat behoorlik deur die Minister goedgekeur is, en hierby word aansoek om terugbetaling ooreenkomstig subartikel (2) of (4) (watter een ook al van toepassing is) van artikel *sewentien* van Wet No. 51 van 1946, soos gewysig by artikel *een-en-dertig* van Wet No. 44 van 1952, gedoen.

Verder dat met uitsondering van die terugvorderings en die bedrae wat as inkomste aangetoon is, soos uiteengesit in die meegaande state, en behoorlik afgetrek is, geen deel van dié uitgawes teruggevorder is van of verhaalbaar is op enige ander persoon of owerheid nie, en na my beste kennis en wete is die eis wat hierby voorgelê word, in ooreenstemming met die bepalings van genoemde Wet en die betrokke regulasies.

Verder dat al die artikels, voorrade en dienste wat verskaf of gelewer en in hierdie eis ingesluit is, alleen teen kosprys in rekening gebring is en teen die redelikste tariewe verkrygbaar.

Geteken.....

Ampstitel.....

Datum....."

GENERAL NOTICES.

CO-OPERATIVE AGRICULTURAL SOCIETIES.

✻ NOTICE No. 695 OF 1956.

The following particulars in regard to the membership of Co-operative Agricultural Societies are published by the Registrar of Co-operative Societies for general information, in accordance with the provisions of sub-section (3) of section *forty-eight* of the Co-operative Societies Act, No. 29 of 1939.

Department of Agriculture,
Pretoria.

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

KOÖPERATIEWE LANDBOUVERENIGINGS.

✻ KENNISGEWING No. 695 VAN 1956.

Die volgende besonderhede in verband met die lidmaatskap van Koöperatiewe Landbou Verenigings, word deur die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings vir algemene inligting gepubliseer, ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Koöperatiewe Verenigings, No. 29 van 1939.

Departement van Landbou,
Pretoria.

DIE MAGALIESBERGSE KOÖPERATIEWE TABAKPLANTERSVERENIGING.

ADDITIONAL LIST OF MEMBERS.
AANVULLINGSLYS VAN LEDE.

No.	Name.—*Naam.*	Address.—*Adres.*
19921	van Biljon, Frederik Johannes	Tweerivier, Pk. Beestekraal.
19922	Blignaut, Pieter Machiel	Kareepoort, Pk. Reddingshoop.
19923	Engelbrecht, Willem Adriaan Albertus, W/sn.	Krokodildrif-Oos, Posbus 124, Brits.
19924	Fick, Hendrik Jacobus	Rooikoppies No. 44, Posbus 282, Brits.
19925	Greyling, Johannes Christoffel	Veeplaas, Schuinsdrift.
19926	Grobler, Wilhelmina Elizabeth	Kleinfontein, Rashoop.
19927	van Heerden, Daniel Misael	Toitskraal No. J. 149, Marble Hall.
19928	van Heerden, Johannes Frederik	Krokodildrift-Wes, Posbus 383, Brits.
19929	Henning, Louwrens Jacobus	Mamagalieskraal, Pk. Mamagalieskraal.
19930	Kruger, Gert Johannes	Sanddrift, Hoëwal.
19931	Maree, David Hermanus	Gwalia, Foothills.
19932	van Niekerk, Jacob Abraham	Wolwekraal, Posbus 74, Groblersdal.
19933	Oosthuizen, Andries Marthinus	Grootplaas, Skeerpoort.
19934	Powell, Jan Johannes	Sanddrif, Hoëwal.
19935	Robbertse, Jacob	Wysfontein, Pk. Moedwil.
19936	du Preez, Gert Johannes	Kameeldrif, Corona.
19937	Scheepers, Theunis Hamer, W/sn.	Veeplaas, Pk. Schuinsdrift, oor Groot Marico.
19938	Sephton, Elsie Maria	Mooiland, Riekertsdam.
19939	Steenkamp, Johannes Machiel	Mooiplaas, Pk. Derdepoort, oor Zeerust.
19940	Swart, Jurgens Johannes, A/sn.	Krokodildrift-Wes, Brits.
19941	Teessen, Johannes	Nooitgedacht, Koedoeskop.
19942	Venter, Jan Adriaan Jacobus	Noord Brabant, Pk. Beauty.
19943	Wilken, Lukas Petrus	De Kroon, Spoorwegstraat, Brits.
19944	Wolmarans, Hester Johanna Magdalena	Elandsfontein, Pk. Brits.

DIE MOORREESBURGSE KORINGBOERE KOÖPERATIEWE VERENIGING.

ADDITIONAL LIST OF MEMBERS.
AANVULLINGSLYS VAN LEDE.

No.	Name.—*Naam.*	Address.—*Adres.*
1685	Burger, Paulus Frederick Bernardes	Soutkloof, Pk. Bergrivier.
1686	Coetzee, Jacobus Adriaan Hermanus	Vaalwater, Pk. Trekpoort.
1687	Dippenaar, Johannes Frederik	Klipheuwel, Pk. Koringberg.
1688	Meissenheimer, Barend Jacobus Gysbert	Vlieërsfontein, Graafwater.
1689	Meissenheimer, Dirk Johannes	Vlieërsfontein, Graafwater.
1690	Nieuwoudt, Stephanus Francois	Wolwelaagte/Welverdiend, Posbus 15, Trawal.
1691	van Zyl, Jacobus Adriaan	Naauwpoort, Ratelfontein.
1692	Bindemin, Pieter Johannes Jacobus	Tuinstraat, Hopefield.
1693	Enderstein, Johannes Visagie	Die Hoop, Sandbergstasie.
1694	Kretschmer, Johannes Karl Theofilus	Wittewater, Pk. Moravia.
1695	Loedolff, Gerrit Francois	Vyekraal, Darling.
1696	du Toit, Matthys Michielse	Die Panne, Moorreesburg.
1697	Visser, Jasper Jacobus	Linquenda, Tuinstraat, Hopefield.
1698	Visser, Johannes Hendrik	Rivierstraat, Hopefield.

DEPARTMENT OF LANDS.

The following notice is published for general information.

W. VAN B. SMITH,
Surveyor-General.

Surveyor-General's Office,
Cape Town.

NOTICE No. 630 OF 1956.

CROWN LAND SURVEYS (CAPE).

Notice is hereby given, in terms of sub-section (1) of section *seventeen* of the Survey Act, 1927 (Act No. 9 of 1927), that the undermentioned diagrams of Crown Land are lying for inspection in the office of the Surveyor-General, Cape Town, and that, if no objection, in writing, to the said diagrams or to any beacon or boundary adopted in the surveys, is received on or before the 6th August, 1956, the diagrams will be approved under the provisions of sub-section (1) (*c*) of section *three* of the above-mentioned Act.

DEPARTEMENT VAN LANDE.

Onderstaande kennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

W. VAN B. SMITH,
Landmeter-generaal.

Kantoor van die Landmeter-generaal,
Kaapstad.

KENNISGEWING No. 630 VAN 1956.

OPMETINGS VAN KROONGROND (KAAP).

Hierby word, ingevolge subartikel (1) van artikel *sewentien* van die Opmetings Wet, 1927 (Wet No. 9 van 1927), bekendgemaak dat ondergenoemde Kroongrondkaarte in die kantoor van die Landmeter-generaal, Kaapstad, ter insae lê en dat die kaarte ingevolge die bepalings van subartikel (1) (*c*) van artikel *drie* van genoemde Wet goedgekeur sal word indien geen skriftelike beswaar teen genoemde kaarte of teen 'n baken of grenslyn wat by die opmetings aangeneem is, voor of op 6 Augustus 1956 ontvang word nie.

Diagram No. *Kaartno.*	Description of Land. *Beskrywing van grond.*	Situation. *Ligging.*	Division. *Afdeling.*	Area. *Grootte.*
9216/1955..	Lot No. U.C. 1/*Perseel No. U.C.* 1	Being a closed portion of Upper Church Street adjoining Lots Nos. 1 GRR, 14/A and 7–13/*Nl.* 'n *geslote gedeelte van Bo-Kerkstraat grensende aan Persele Nos.* 1 *GRR*, 14/*A en* 7–13.	Municipality of Uitenhage/*Munisipaliteit Uitenhage*	1006 sq. ft./*vk. vt.*
9217/1955..	Lot No. U.C. 2/*Perseel No. U.C.* 2	Being closed portions of streets adjoining Lots Nos. 7–13, 6, 5, 4, 2^ and 1, Land (Uit. Fr. 8–16) and Public Park and Botanical Gardens/*Nl. geslote gedeeltes van strate grensende aan Persele Nos.* 7–13, 6, 5, 4, 2^ en 1, Grond (*Uit. Fr.* 8–16) *en Openbare Park en Botaniese Tuine.*	Municipality of Uitenhage/*Munisipaliteit Uitenhage*	32,951 sq. ft./*vk. vt.*

8–15–22–29

STATE ADVANCES RECOVERIES OFFICE.

✱ NOTICE No. 694 OF 1956.

NOTICE OF MEETING OF CREDITORS UNDER THE FARMERS' ASSISTANCE ACT, 1935 (ACT No. 48 OF 1935).

Notice is hereby given that the Farmers' Assistance Board has resolved to call a meeting of the undermentioned applicant and his creditors to be held at the place and date mentioned in pursuance of section *ten* of the Farmers' Assistance Act, 1935, for the purpose of proving their claims against him and to consider a proposal by the Board.

G. A. J. DE JONG,
Secretary, State Advances Recoveries Office.

Re Application by. *Insake aansoek van.*	Place of Meeting. *Plek van byeenkoms.*	Date and Time. *Datum en tyd.*
Hercules Jordaan, De Witte Krans, P.O. Box/*Posbus* 128, Hendrina, Tvl.	Office of the Magistrate/*Kantoor van die Magistraat,* Hendrina, Tvl.	7th August, 1956, at 10 a.m./ 7 *Augustus* 1956, *om* 10 *vm.*

KANTOOR TOT INVORDERING VAN STAATSVOORSKOTTE.

✱ KENNISGEWING No. 694 VAN 1956.

KENNISGEWING VAN VERGADERING VAN SKULDEISERS KRAGTENS DIE BOERE-BYSTANDSWET, 1935 (WET No. 48 VAN 1935).

Hierby word bekendgemaak dat die Boere-Bystandsraad besluit het om, kragtens artikel *tien* van die Boere-Bystandswet, 1935, 'n vergadering van ondergenoemde applikant en sy skuldeisers op die plek en datum hieronder genoem, te belê, ten einde hulle in staat te stel om hul vorderings teen hom te bewys en 'n voorstel van die Raad te oorweeg.

G. A. J. DE JONG,
Sekretaris, Kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte.

Re Application by. *Insake aansoek van.*	Place of Meeting. *Plek van byeenkoms.*	Date and Time. *Datum en tyd.*
Hercules Jordaan, De Witte Krans, P.O. Box/*Posbus* 128, Hendrina, Tvl.	Office of the Magistrate/*Kantoor van die Magistraat,* Hendrina, Tvl.	7th August, 1956, at 10 a.m./ 7 *Augustus* 1956, *om* 10 *vm.*

MISCELLANEOUS.

✱ NOTICE No. 692 OF 1956.

PERSON DECLARED UNFIT TO POSSESS A FIREARM.

Notice is hereby given that, in terms of section *nine* of Act No. 28 of 1937, Gordon Ralph Holley, a European male farmer of Tiger Flats, Port St. Johns, was on 16th March, 1956, declared a person unfit to possess a firearm for a period of ten years.

Dated at Port St. Johns this 4th day of June, 1956.

W. H. OLIVIER,
Magistrate.

Port St. Johns.

✱ NOTICE No. 693 OF 1956.

BUILDING SOCIETIES RETURNS.

In terms of section *forty-four* (3) of the Building Societies Act, 1934, the following Composite Return is published for general information:—

SUMMARY OF MONTHLY RETURNS BY PERMANENT BUILDING SOCIETIES FOR THE MONTH ENDED ON THE 30TH DAY OF APRIL, 1956.

(Required in terms of section *forty-four* of the Building Societies Act, 1934).

SAMEVATTING VAN MAANDELIKSE OPGAWES DEUR PERMANENTE BOUVERENIGINGS VIR DIE MAAND GEËINDIG OP DIE 30STE DAG VAN APRIL 1956.

(Ingevolge artikel *vier-en-veertig* van die Bouverenigingswet, 1934).

Number of Societies—Aantal Verenigings	30	
Share Capital—Aandelekapitaal—		
Indefinite—Onbepaalde	£193,802,317	
Fixed period—Vaste termyn	10,587,300	
TOTAL—TOTAAL		£204,389,617
Unimpaired Reserve Funds—Onaangetaste Reserwe Fondse		18,710,194
Deposits—Deposito's—		
Fixed—Vaste	137,897,647	
Savings—Spaar	77,648,082	
TOTAL—TOTAAL		215,545,729
Accrued Interest—Opgelope Rente		3,768,245
Loans and Overdrafts—Lenings en Oortrekkings		1,000,211
Mortgage Advances—Voorskotte teen verband—		
Number—Aantal—		
(i) Advances over £5,000—Voorskotte bo £5,000	5,654	
(ii) All Advances—Alle Voorskotte	181,635	
Amount—Bedrag—		
(i) Advances over £5,000—Voorskotte bo £5,000		68,606,610
(ii) All Advances—Alle Voorskotte		357,337,624
Granted but not paid out—Toegestaan maar nie uitbetaal nie		13,179,085
Liquid Assets—Likwide Bates—		
Cash and Deposits—Kontant en Deposito's	12,510,068	
Unencumbered Securities—Onbeswaarde Effekte	58,338,686	
Accrued Interest—Opgelope Rente	710,125	
TOTAL—TOTAAL		£71,558,879
Statutory Minimum Amount—Statutêre Minimum Bedrag		£53,910,688

DIVERSE.

✱ KENNISGEWING No. 692 VAN 1956.

PERSOON ONBEKWAAM VERKLAAR OM 'N VUURWAPEN TE BESIT.

Hierby word bekendgemaak dat Gordon Ralph Holley, 'n blanke boer van Tiger Flats, Port St. Johns, op 16 Maart 1956, kragtens artikel *nege* van Wet No. 28 van 1937, onbekwaam verklaar is om 'n vuurwapen te besit vir 'n tydperk van tien jaar.

Gedateer te Port St. Johns op hede die 4de dag van Junie 1956.

W. H. OLIVIER,
Magistraat.

Port St. Johns.

✱ KENNISGEWING No. 693 VAN 1956.

BOUVERENIGINGSOPGAWES.

Ingevolge artikel *vier-en-veertig* (3) van die Bouverenigingswet, 1934, word onderstaande Saamgestelde Opgaaf vir algemene inligting gepubliseer:—

✱ NOTICE No. 696 OF 1956.

MEALIE CONTROL SCHEME.

REGISTRATION OF COMMERCIAL MILLERS.

It is hereby notified for general information that the following persons and/or concerns have been registered in terms of paragraph (*b*) of sub-section (1) of section 26 of the Mealie Control Scheme (Proclamation No. 99 of 1955) as commercial millers to grind, crush, grist or otherwise process mealies during the season ending 30th April, 1957. The registration is valid with effect from the date shown opposite the name of the miller concerned.

By Order of the Board.

J. J. M. TROMP,
Manager.

Mealie Industry Control Board.

✱ KENNISGEWING No. 696 VAN 1956.

MIELIEREËLINGSKEMA.

REGISTRASIE VAN KOMMERSIËLE MEULENAARS.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die volgende persone en/of ondernemings ingevolge paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel 26 van die Mieliereëlingskema (Proklamasie No. 99 van 1955) as kommersiële meulenaars geregistreer is om gedurende die seisoen eindigende 30 April 1957 mielies te maal, te breek, tot gruis te maak of andersins te verwerk. Die registrasie is van krag met ingang van die datum soos opgegee teenoor die naam van die betrokke meulenaar.

Op las van die Raad.

J. J. M. TROMP,
Bestuurder.

Raad van Beheer oor die Mielienywerheid.

Name and Trading Name. *Naam en handelsnaam.*	Address of Premises. *Adres van perseel.*	Postal Address. *Posadres.*	Date of Registration. *Datum van registrasie.*
M., L. & I. Benjamin/Parys Roller Milling Co.	Erf No. 993, Parys	P.O. Box/*Posbus* 65, Parys	1/5/56.
R. A. Patteson	Remainder of Lot/*Restant van perseel* No. 5, of/*van* Umlaas Road/*-weg*, Dist. Camperdown	P.O./*Pk.* Umlaas Road/*-weg*	1/5/56.
A. A. Peinke/E. H. Peinke	Mnqaba, Dist. Middledrift	P.O./*Pk.* Debe Nek	1/5/56.
P. S. Brook/Phoenix Roller Mills	6–8 Dundas Street/*-straat*, Grahamstowa/*Grahamstad*, Dist. Albany	6–8 Dundas Street/*-straat*, Grahamstown/*Grahamstad*	1/5/56.
I. York/Pienaars River Roller Mills	Vaalboschbult No. 499, Dist. Warm Baths/*Warmbad*	P.O. Box/*Posbus* 3, Pienaars River/*-rivier*	1/5/56.
Pietersburg Milling Co. (Pty.), Ltd.	Erf No. 162, Jorissen Street/*-straat*, Pietersburg	P.O. Box/*Posbus* 198, Pietersburg	1/5/56.
L. Fridman/Piet Retief Roller Mills	Erf No. 89, 21 Kerk Street/*-straat*, Piet Retief	P.O. Box/*Posbus* 39, Piet Retief	1/5/56.
The Premier Milling Co., Ltd.	52 First Street/*Eerstestraat*, Springs	P.O. Box/*Posbus* 1530, Johannesburg	1/5/56.
The Premier Milling Co., Ltd.	Industrial Sites / *Industriële persele*, Kroonstad	P.O. Box/*Posbus* 1530, Johannesburg	1/5/56.
The Premier Milling Co., Ltd.	46 Quinn Street/*-straat*, Newtown, Dist. Johannesburg	P.O. Box/*Posbus* 1530, Johannesburg	1/5/56.
The Premier Milling Co., Ltd.	48 Kerk Street/*-straat*, Germiston	P.O. Box/*Posbus* 1530, Johannesburg	1/5/56.
Pretoria Amalgamated Mills, Ltd.	De Onderstepoort, Bon Accord, Dist. Pretoria	P.O. Box/*Posbus* 843, Pretoria	1/5/56.
Pretoria West Flour Milling Co. (Pty.), Ltd.	145 Carl Street/*-straat*, Pretoria West/*-Wes*	P.O. Box/*Posbus* 348, Pretoria	1/5/56.
S. Zway/Progress Mills and Malt Manufacturers	Erf No. 301, New Pietersburg, Dist. Pietersburg	P.O. Box/*Posbus* 356, Pietersburg	1/5/56.
P. J. Cilliers/Qholaqhoe Mill and Trading Store	Mooidam, Dist. Fouriesburg	P.O. Box/*Posbus* 2, Fouriesburg	1/5/56.
Qoqodala Mission Store	Qoqodala Drift T/S No. 73, Dist. Glen Grey	P.O./*Pk.* Qoqodala, via/*oor* Queenstown	1/5/56.
J. C. Rademeyer/J. C. Rademeyer, Meulenaar	Subdivision of/*Onderverdeling van* Welkomst of/*van* Wasbank No. 1076, Dist. Dundee	P.O. Box/*Posbus* 8, Wasbank	1/5/56.
Radium Milling Co. (Pty.), Ltd.	Blaauwboschkuil No. 168, Dist. Warm Baths/*Warmbad*	P.O. Box/*Posbus* 6, Radium, via/*oor* Pretoria	1/5/56.
Radue's Roller Mills (Pty.), Ltd.	Lot/*Perseel* No. 9, Napier Street/*-straat*, King William's Town	P.O. Box/*Posbus* 127, King William's Town	1/5/56.
